

Wêreld van Môre

Want die aarde sal vol word met die kennis van die heerlijkheid van die Here soos die waters die seabodem oordek.

Vol. 18, No. 1

Vertalings uit 'n vroeër gepubliseerde Jan-Feb 2018 *Tomorrow's World*-tydskrif



'n Persoonlike boodskap van

Gerald E. Weston, Hoofredakteur

Daar is werklik goeie nuus

Ons ken almal grappies soos dié een oor die stamhoof wat van die jagtog af teruggekom het. "Ek het goeie nuus en slegte nuus. Die goeie nuus is dat die jagtog baie vleis vir die winter opgelewer het. Die slegte nuus is dat al wat ons kon kry, muishond is!"

Ons werk by *Wêreld van Môre* is 'n goeie nuus/slegte nuus boodskap vir die mensdom, sonder 'n grappige kinkel. Die slegte nuus *is* werklik slegte nuus en die goeie nuus *is* werklik goeie nuus – maar anders as in hierdie humoristiese staaltjie, kom die slegte nuus eerste.

Enigene wat oë het om te sien, weet dat ons wêreld in die moeilikheid is. Hierdie aanhaling uit die *Washington Post* van 2 November 2017 openbaar die huidige stand van sake in die Verenigde State: "Die aanval het 'n ontsaglike leemte gelaat in 'n dorpie in Texas met minder as 700 mense en het vir sommige van hulle 'n gevoel van ongemak geskep omdat geen plek van moontlike geweld gevrywaar is nie. Daar het die afgelope ses weke ook 'n konsertterrein in Las Vegas, 'n Walmart in Colorado, 'n kerk in Nashville en 'n fietspad in New York, die toneel van dood en bloedvergieting geword".

Dit lyk of voertuie die vernaamste moordwapen deesdae in die Verenigde Koninkryk en Europa is om burgers te terroriseer, alhoewel vuurwapens en bomme in Parys, Brussel en

Mancheser dood en verwoesting gesaai het. Motorbomme ontplof gereeld in die Midde-Ooste na gelang godsdienstige en politieke faksies wedywer vir oppergesag en skoolkinders word ontvoer deur militantes in Afrika. Wie weet watter nuwe gruweldade sal plaasvind voordat hierdie artikel u bereik?

Dwelmmisbruik is 'n nimmereindigende plaag in die samelewing (dit word in meer diepte bespreek in ons artikel, *Dagga*, elders in hierdie tydskrif). Produsente, verspreiders en korrupte amptenare ontwrig stede en nasies en gebruikers vernietig hulleself en ander mense rondom hulle. Misbruik van die Internet vier hoogty: Identiteitsdiefstal, bedrieglike beleggings, pornografie, vals nuus wat reputasies kan verwoes en maatskappye skade berokken, gereelde diefstal van militêre en korporatiewe geheime met gevaarlike potensiaal – om maar net 'n paar op te noem!

Noord-Korea en die Verenigde State gaan voort om mekaar met oorlog te dreig, net soos Iran en Saoedi-Arabië ook doen. Libië, Sirië, Irak, Jemen en Somalië bly in chaos namate mededingende faksies na oorheersing streef. Moderne wapens maak dit moontlik om die mensdom uit te wis. Slegs die menslike natuur het konstant gebly.

Slegte nuus oorheers. Verhoudings tussen

mans en vrouens is kommerwekkend. As gevolg van lae geboortesifers en aborsies wat in sommige nasies gedurende die afgelope paar dekades uitgevoer is, word immigrante benodig om die werk te doen wat gedoen sou kon word deur die miljoene geaborteerde babas wat volwassenheid sou bereik het en poste sou kon vul. Dwelmmisbruik, onbeskofte politieke besprekings, die onvermoë om saam te werk – alles dra by tot wat al hoe meer gesien word as die dood van die Westerse kultuur.

Die begin van smarte

Hierdie dinge gebeur voor ons oë, maar die *werklike* slegte nuus lê nog voor! Alle tekens dui daarop dat ons die tydperk wat die Bybel beskryf as die “voleinding van die wêreld” (Matthéüs 24:3), “tyd van die einde” (Daniël 12:4) en “tyd van benoudheid vir Jakob” nader (Jeremia 30:7). (Bestel gerus ons gratis publikasie *Wat lê voor vir Amerika en Brittanje, asook Suid-Afrika?*, vir 'n beter insig van hierdie Skrifure.)

Jesus beskryf hierdie tyd wat gekenmerk word deur valse Christelikheid, etniese geweld, oorloë en gerugte van oorloë, hongersnood, pessiektes en natuurrampe (Matthéüs 24:4-7; Markus 13:5-8; Lukas 21:8-11). Ons leer ook dat dit net die *begin* van smarte is. Daar is goeie nuus, maar ons wêreld sal baie erger word voordat dit beter sal word! Jesus het 'n ander tendens voorspel wat

Vervolg op bladsy 27

Inhoudsopgawe

Voorblad

Persoonlik – Daar is werklik goeie nuus

Gerald E. Weston se persoonlike rubriek

Hoofartikel

Die geboorte van Calvinisme 3

Die reeks gaan voort: Johannes Calvyn sluit aan by die geskiedenis van die Hervorming en stel die leerstelling van uitverkiesing in.

Ontsluit die geheime van die Bybel! 12

Die Bybel is een van die gewildste boeke in die wêreld maar tog ook een van die boeke wat die minste verstaan word. U kan egter die geheime met sewe lewensbelangrike sleutels ontsluit.

Marihuana: Is daar enige rede om bedwelmd te raak? 18

In die tweede gedeelte van ons reeks oor Marihuana ondersoek ons die argumente wat sommige mense het om pot te wettig tot voordeel van individue en die gemeenskap.

Profesieë neem gestalte aan: 'n Onverwagte uitvloeisel van China se nuwe syroete 21

Gereeld

Vrae en Antwoorde 23

Die Werke van Sy Hande Die skoenlapper: Meester van metamorfose 24

Besoek ons webwerf by:
www.wvm.co.za
 of vir Engelse literatuur:
www.tomorrowworld.org

Wêreld van Môre

Hoofredakteur

Gerald E. Weston

Redaksionele Direkteur

Richard F. Ames

Kuns Redakteur

John Robinson

Besturende Redakteur

Wallace Smith

Streeksredakteurs

Robert Tyler (Australasië)

Stuart Wachowicz (Kanada)

Adam West (Europa)

Besigheidsbestuurder

Dexter B. Wakefield

Streekskantore

VERENIGDE STATE:

P.O. Box 3810

Charlotte, NC 28227-8010

Tel: (704) 844-1970

Faks: (704) 841-2244

www.tomorrowworld.org

AUSTRALASIË:

PO Box 300

Claredon, SA 5157

Tel: (61) 8 8383 6288

Faks: (61) 8 8127 9667

KANADA:

P.O. Box 409

Mississauga, ON L5M 0P6

Tel: (905) 814-1094

Faks: (905) 814-7659

NIEU-SEELAND:

P.O. Box 2767

Auckland 1140, New Zealand

Tel/Faks: (09) 268 8985

VERENIGDE KONINKRYK:

BM PO Box 2345

London, WC1N 3XX

Tel/Faks: 44 (0) 844-800-9322

SUID-AFRIKA:

Privaatsak X 3016

Harrismith, FS 9880

Tel: 058 622 1424

Faks: 058 623 1303

Die *Wêreld van Môre*-tydskrif het geen intekenprys nie. Die *gratis* verspreiding van hierdie tweemaandelikse tydskrif word moontlik gemaak deur tiendes en offergawes van lidmate van die Lewende Kerk van God, en van ander wat vrywillig medewerkers geword het in die verkondiging van Christus se ware Evangelie aan alle nasies. Bydraes is welkom en word met dank erken.

Die *Wêreld van Môre*-tydskrif word in Suid-Afrika vertaal, gedruk en uitgegee deur die Lewende Kerk van God.

© Lewende Kerk van God

Alle regte voorbehou

Alle Skrifverwysings is uit die *Ou Vertaling* (1933), tensy anders aangedui (*NV, Nuwe Vertaling*, 1983).

Die waarheid agter die Protestantse Hervorming

DEEL 6

Die geboorte van Calvinisme

Het die Protestantse Hervormers teruggekeer na die “geloof wat eenmaal oorgelewer” is? Is hulle deur God se Heilige Gees gelei? Die naakte waarheid in hierdie reeks artikels is die openbaring van 'n lank-versteekte waarheid!

Roderick C. Meredith

Die skokkende feit dat die *heidendom* ingekom het en die vroeë belydende Christelike Kerk oorgeneem het, is vir sommige mense moeilik om te glo. Dit is egter *bewys*.

Ons het uit talle geskiedkundiges se erkennings gesien dat *heidense seremonies* en *tradisies* deur die vroeë Katoelike kerk met ope arms ontvang is. Ons het gesien dat baie *heidense oortuigings* na die dood van Christus en die oorspronklike Apostels in die belydende “Christendom” ingesypel het.

Martin Luther het in opstand gekom teen die korrupte en afvallige georganiseerde “Christendom” van sy tyd. Hy het egter terselfdertyd ook teen *alle* gesaghebbende opdragte van God en Sy Woord in opstand gekom. Ons het gesien dat Luther domastrant 'n *woord* in die Bybel *bygevoeg* het en onderrig het: “Die regverdige sal uit die geloof *alleen* lewe”.

Luther het 'n weersin gehad aan die klem wat Jakobus op *gehoorsaamheid* aan God se Wet geplaas het. Luther het

hierdie geïnspireerde boek 'n “sendbrief van strooi” genoem. Hy het met die Duitse prinse geheul om politieke guns vir sy beweging te wen. Ons het dit tydens die Boere-oorlog gesien, toe hy die prinse aangemoedig het om die plaasboere in die naam van God te *kasty*, te *wurg* en *dood te steek*.

Die *seksuele wellus* van een van sy politieke ondersteuners het te veel geword en Luther en sy mede-teoloë het *skriftelike toestemming* aan die Landgraaf van Hesse gegee om 'n tweede vrou te neem en *bigamie* te pleeg! In teenstelling met sekere Ou-Testamentiese helde waarmee Luther se volgelinge hom graag vergelyk het, het Luther *nooit regtig* BEROU getoon oor hierdie skandelige dade en die “redenasië” daaragter nie.

In die vyfde deel van hierdie reeks het ons met die verhaal van die Switserse hervorming begin en het ons die rol gesien wat Ulrich Zwingli daarin gespeel het. Ons was weereens gedwing om te sien dat Zwingli se voorbeeld ook heeltmaal teenstrydig was met die leerstellings en

voorbeeld van Christus en die vroeë Apostels. Zwingli se gewelddadige dood in 'n oorlog wat hy persoonlik aangehits het, bevestig sekerlik Jesus se waarskuwing, “almal wat die swaard neem, sal deur die swaard vergaan” (Matthéüs 26:52).

Ons het dikwels stilgestaan om te vra: Was die Protestantse beweging 'n hervorming van God se Ware Kerk wat verkeerd geloop het? Was hierdie beweging geïnspireer en gelei deur God se Heilige Gees?

Nou kom ons by die verhaal van die man wat werklik die Switserse hervorming en sedertdien Protestantisme hoofsaaklik oorheers het.

Die Hervorming onder Johannes Calvin

Johannes Calvin betree nou die Hervormingsdrama en ons sal sien dat die kragtige invloed van sy denke en persoonlikheid die geloofsstelsel van die hervormde gemeentes dramaties sou vorm vir toekomstige geslagte (Kurtz, *Church History*, bl. 304-305). Soos Luther en Zwingli voor hom, was Calvin

opgelei vir die Katolieke priesterschap. Hy het dus ook in sy denke diepgewortelde idees van die Roomse kerk gehad, hoewel sy geloofsbreuk met die pousdom meer omvattend as dié van Luther was.

Dit is nietemin betekenisvol dat die drie vooraanstaande leiers onder die vroeë hervormers almal as “Roomse” teoloë opgelei was voordat hulle hul hervormingsaktiwiteite begin het. Dit kan moontlik gedeeltelik verklaar waarom hulle almal heidense konsepte en tradisies behou het wat gedurende die Donker Eeue in die Roomse stelsel ingesypel het.

Terwyl Zwingli besig was om die godsdienstige en politieke lewe van Switserland te verander, was Johannes Calvyn nog 'n jongeling wat besig was met opleiding vir die Katolieke priesterschap.

Calvyn was 'n Fransman, gebore in 1509 in Noyon, Pikardië. Sy vader was 'n fiskale beampte en Calvyn is saam met kinders van adellike afkoms opgevoed. Op slegs twaalfjarige ouderdom is hy as 'n kapelaan aangestel met 'n inkomste wat voldoende was om hom te onderhou.

Kort daarna is hy na Parys gestuur om vir priesterskap te studeer, maar sy vader het later van plan verander en wou hê dat Calvyn 'n prokureur word. Hy het toe na Orleans en Bourges gegaan en onder hoogsangeskrewe doktore van die reg studeer. Hy was so 'n briljante skolier dat hy dikwels uitgenooi was om in 'n professor se af-

wesigheid oor te neem.

Teen hierdie tyd het hy onder die invloed gekom van 'n familielid, Peter Olivetan, wat die eerste Protestant was om die Bybel in Frans te vertaal. Deur die Nuwe Testament in die oorspronklike Grieks te bestudeer, is Calvyn se belangstelling in die Protestantse leerstellings verder versterk.

Nie lank nadat hy 'n geleerde humanistiese verhandeling oor die geskrifte van Seneca gepubliseer het nie, het sy “skielike bekering” – soos hy dit later beskryf het – plaasgevind. Hy wou homself nou op die genade van God toespits en het met 'n ernstige studie van die Bybel begin (Fisher, *The History of the Christian Church*, bl. 319).

Calvyn het na Parys teruggekeer en het kort daarna 'n erkende leier van die Protestante geword. Vervolging het hom egter uit die stad gedryf en Calvyn het hom uiteindelik tydelik in Protestantse Basel gevestig.

Dit was gedurende hierdie tyd dat die Franse monarg, Francis I, die bystand van die Duitse Lutherse prinse probeer verkry het teen die keiser, Charles V. Om sy vervolging van Franse Protestante te regverdig, het hy (Francis) hulle van al hul wettelose gedweep van sommige van die uiterste Anabaptistiese sektes beskuldig.

Dit het 'n omvattende aksie ter verdediging van Calvyn vir sy Franse medegelowiges uitgelok. Hierdie werk was bedoel om die valsheid van Francis I se aanklagte te bewys en om die

Protestantse geloofstellings in 'n sistematiese en logiese manier uiteen te sit wat die simpatie van die koning en andere vir die Protestantse saak kon wen (Kurtz, *Church History*, bl. 302).

Calvyn se instellings

Hierdie werk was getiteld, *Institutes of the Christian Religion*. Dit was beskou as 'n geweldige bydrae tot die *teologie* en ook tot die *letterkunde*. Geen Franse Protestant het nog ooit met soveel logika en gesag gepraat nie. Hierdie werk word steeds beskou as die mees geordende en sistematiese aanbieding van leerstellings en die Christelike lewe wat uit die Hervorming voortgespruit het (Walker, *A History of the Christian Church*, bl. 392).

Om Calvyn se leerstelling kortliks te verstaan, soos vervat in die *Instellings*, kan ons nie meer doen as om uittreksels aan te haal uit Walker se opsomming van die standpunt wat Calvyn in hierdie werk ingeneem het nie:

Sonder Luther se voorafgaande arbeid, sou sy werk nie gedoen kon word nie. Dit is *Luther* se opvatting van *regverdiging deur geloof* en die sakramente as seëls van God se beloftes wat hy verteenwoordig het. Hy het baie van Butzer afgelei, veral sy klem op die verheerliking van God waarvoor alles geskape is, op die *uitverkiesing* as 'n leerstelling van Christelike

vertroue en op die gevolge van uitverkiesing as 'n veeleisende poging om 'n lewe in ooreenstemming met die wil van God te lei. Alles word geklassifiseer en verduidelik met 'n vaardigheid wat eie aan Calvyn was.

Calvyn het onderrig dat die hoogste kennis dié van God is en van homself. Genoeg kom van die natuur van die mens om hom sonder verskoning te laat, maar voldoende kennis word slegs in die Skrif openbaar, wat die getuigenis van die Gees in die hart van die gelowige leser sal bevestig as die Ware stem van God. Die Skrif leer ons dat God goed is en die bron van alle goedheid oral is. *Gehoorzaamheid* aan God se wil is die mens se primêre plig. Soos oorspronklik geskep, was die mens goed en in staat om God se wil te gehoorsaam, maar hy het die goedheid en vermoë met Adam se val verloor en is nou uit homself, *totaal onbevoeg tot goedheid* nie. Daarom kan *geen werk* van die mens enige meriete hê nie; alle mense is in 'n toestand van ondergang wat slegs veroordeling verdien. Van hierdie

hulpelose en hopelose toestand word sommige mense onverdiend gered deur die werk van Christus.

Aangesien alle goedheid van God is en die *mens nie in staat is om sy bekering te bewerkstellig of teen te staan nie*, is 'n *goddelike keuse* en die rede waarom sommige mense gered word en ander verlore gaan – uitverkiesing en verdoeming. Om te vra na 'n rede vir daardie keuse wat buite die wil van God is, is absurd aangesien God se wil 'n voldonge feit is.

Drie instellings is goddelike instellings waardeur die Christelike lewe in stand gehou word – die *kerk*, die *sakramente* en die *burgerlike regering*. Ten slotte bestaan die kerk uit “al die uitverkorenes van God”; maar dit omskryf ook na behore “die hele liggaam van die mensdom ... wat bely dat hulle een God en Christus aanbid”. Tog is daar geen ware kerk “waar leuens en bedrog nie sedelikheid oorsedelik het nie” (Walker, bll. 392-394).

Calvyn se geloofs-posisie word ondersoek

Ons kan sien dat Calvyn se leerstelling van regverdiging deur geloof *alleen* van Luther

afkomstig was. Tog het Calvyn geglo dat 'n “geredde” persoon *goeie werke* sal lewer as noodsaaklike vrug van sy bekering.

Calvyn beklemtoon die mens se verantwoordelikheid om die *Wet van God* te volg as 'n riglyn vir die Christelike lewe (Walker, bl. 393). Dit beteken egter *gladnie* dat dit die letter van die Tien Gebooie insluit nie, maar slegs die “gees” van God se morele wet soos dit deur *Calvyn* gedefinieer was. Soos ons sal sien het dit *dikwels* in praktyk daartoe gelei dat beide die letter en die gees van die letterlike Tien Gebooie *verbreek* is. Ons sal later voorbeelde hiervan opnoem.

Die *grondbeginsel* van Calvyn se hele teologiese stelsel is sonder twyfel sy *leerstelling van uitverkiesing*. Daarvolgens word alle ander dinge gemaak om te voldoen aan die onherroeplike wil van God. Net soos Luther, het Calvyn baie van sy idees oor hierdie onderwerp van Augustinus afgelei (Fisher, *History of The Christian Church*, bl. 321).

In Calvyn se gedeelte oor uitverkiesing maak hy die aanmatigende stelling in sy *Institutes of the Christian Religion*:

Niemand wat hoop om as godsdiensdig te word, durf dit waag om die *uitverkiesing* onomwonde te verwerp, waardeur God sommige kies vir die hoop van die lewe en ander om veroordeel te word tot die ewige dood

nie ... Met uitverkiesing bedoel ons die ewige besluit van God, waarvolgens Hy uit Sy eie besluit het wat Hy verkies sou gebeur in die geval van elke individu. *Alle mense word nie op gelyke basis geskape nie*, maar *vir party is die ewige lewe vooruitbepaal, vir ander ewige verdoemenis ...* (Bettenson, *Documents*, bl. 302).

Soos die Protestantse geskiedkundiges self vir ons sê, *dit* is die kern van Calvinisme!

Kom ons kyk na die *betekenis* van hierdie aanmatigende verklaring. Eerstens sê Calvyn dat alle mense *nie as gelykes voor God geskape word nie*. Die apostels Petrus en Paulus was albei geïnspireer om te skryf: “God [is] geen aannemer van die persoon nie” (Handelinge 10:34; Romeine 2:11).

Vervolgens vertel Calvyn aan ons dat sommige mense – *ongeag van wat hulle mag doen* – absoluut *vooraf bestem* is vir die ewige *lewe* en andere vir ewige *verdoemenis*.

Calvyn se idee van uitverkiesing

Ons vind dus dat die skrikwekkende stelling dat mense *gebore* word om óf “gered” óf “verlore” te gaan, een van die basiese beginsels van Calvyn se leerstellings is. Volgens hierdie teorie is mens van *alle ewigheid* af voorafbestem vir óf die *vreugdes* van die hemel óf die

foltering van 'n brandende hel. Uit u eie wil is u *nie in staat om berou te hê en te bekeer nie*. *Dit* is *slegs* moontlik vir diegene wat deur God “uitverkies” is om genade te ontvang.

Soos ons gesien het, het Calvyn ook onderrig dat sodra 'n mens deur Christus vergewe en geregverdig is, hy *nooit* weer kan wegval nie. Om dit prakties te beskou, beteken dit dat ongeag hoe boos 'n “geredde” persoon mag word, hoe heeltemal verdorwe, godslasterlik en verwerplik hy aan die einde van sy dae mag wees, hy nogtans voorafbestem is om die onuitspreeklike genot van die hemel te beërwe vir *alle ewigheid*. Diegene wat voorafbestem is om verlore te gaan, is gedoem – soos die “hervormde” predikers dit sou stel – tot 'n ewigheid in die *brandende, gillende, verskriklik martelende, nimmereindigende hel*.

Sodanig was die leer van Johannes Calvyn. Dit het die verkondiging van die “hervormde” gemeentes geword toe hulle later versprei het na dele van Frankryk, Skotland en ander nasies van Europa en uiteindelik – deur die “Puriteine” – na die state van Nieu-Engeland.

Calvyn in Genève

Kort nadat hy sy *Instellings* gepubliseer het, het Calvyn Italië vir 'n kort tydjie besoek. Op pad terug na Basel moes hy deur Genève gaan. Daar was 'n voorval wat die loop van sy lewe verander het.

In 1532, na die Protestante se nederlaag in die geveg van

Cappel, het 'n hervormende prediker, genaamd William Farel, na Genève gegaan om die Protestantse magte in hulle stad te laat herleef. Soos Calvyn is hy deur Katolieke vervolging uit Frankryk gedryf. As gevolg van sy kragtige en opruiende prediking, was hy aanvanklik uit Genève verban. Hy het egter later teruggekeer en die Protestante gelei om volle beheer oor hierdie stad te verkry.

Omdat alle “wêreldse” plesier en vermaak deur sy godsdienstige party verban was, het groot onmin ontstaan en die stad was in oproer. Omdat hy die besondere vermoë van Calvyn en sy belangstelling in die Protestantse saak geken het, het Farel hom oorreed om te bly en die hervormde party te help om die stad te beheer. Calvyn het aanvanklik die stille afsondering van die geleerde lewe verkies, maar het uiteindelik ingewillig toe Farel gewaarsku het dat “God se vloek” hom sou tref indien hy weier om te help.

Calvyn het toe dadelik aan die werk gespring. Hy het 'n kategismus opgestel vir die onderrig van die jeug en het gehelp om 'n stel streng wette te formuleer wat die mense verbied het om “sinnelose” versierings te dra of deel te neem aan “afstootlike” sport en ander wêreldse vermaaklikhede (Fisher, *The History of the Christian Church*, bl. 324).

Die Libertyne, soos die opposisie bekend was, het egter gou die oorhand verkry en Calvyn en Farel uit die stad verban.

Dit was 1538 en Calvyn het na Strasbourg gegaan, waar hy die grootste deel van sy drie jaar se afwesigheid buite Genève deurgebring het. Hy het daar beheer van 'n Protestantse kerk vir Franse vlugtlinge geneem en het kort daarna in die huwelik getree. Dit was ook hier waar hy kennis gemaak het met Melanchthon wie mettertyd sy siening van die Nagmaal aanvaar het, alhoewel die twee nooit oor die uitverkiesing ooreengekom het nie.

Hy is nou na Genève herroep om die triomfantlike gereformeerde party te help om 'n *politieke* en *kerklike regering* op die beginsels van hulle geloof te vorm. Van hier af sien ons Calvyn se toenemende betrokkenheid by die *politiek* en die daaruit voortspruitende *godsdienstige onenigheid* (Walker, bl. 397-398).

Calvyn se terugkeer na Genève

Calvyn het in 1541 triomfantelik na Genève teruggekeer en 'n nuwe *politieke* en *kerklike* orde ingestel. Dit was verbasend soortgelyk aan die Katolieke kerk-staat verhouding van gehoorsame nasies binne die Heilige Romeinse Ryk.

Die staat was *oorheers* deur die godsdienstige leiers en was verplig om die belange van die kerk te bevorder, sy bevele uit te voer en om almal wat die gevestigde godsdienst teengestaan het, te *straf* of *tereg* te stel. Calvyn het nooit ontslae geraak van die Katolieke konsep van die *kerk* wat die *staat oor-*

heers en in die wêreldsgesinde politiek inmeng nie.

Nie net oneerbiedigheid en dronkenskap nie, maar ook onskuldige vermaak en die verkondiging van teenstrydige teologiese leerstellings is *ernstig gestraf*. Dit was ook nie al nie. Vir geringe oortredings is ernstige strawwe opgelê. Dit was onmoontlik dat 'n stad van twintigduisend inwoners sulke streng dissipline en sulke streng verordeninge gelate sou aanvaar. Die elemente van ontevredenheid het kort na Calvyn se terugkeer begin kopuitsteek. Sy hoof teenstanders was soos voorheen die Libertyne (Fisher, *History of the Christian Church*, bl. 325).

Van toe af, tot en met sy dood, het Calvyn probeer om hierdie soort *aanmatigende stelsel* op die hele stad af te dwing. Dit kon natuurlik na niks anders as *moeilikheid* lei nie en die opgetekende geskiedenis van Calvyn se latere lewe is hoofsaaklik gemoeid met sy probleme om die stad Genève te probeer *onderdruk* en sy inwoners te *dwing* om aan sy sienings toe te gee. Dit kan nie ontken word dat hy 'n soort *godsdienstige diktator* was nie!

Die Calvinistiese dissipline

Behalwe om van die bekende

saak van Michael Servetus melding te maak, wat in 'n latere uitgawe behandel sal word, is 'n gedetailleerde uiteensetting van die wreedheid en strengheid waarmee Calvyn sy geloofstelsel op die ongelukkige inwoners van Genève afgedwing het onnodig. Die enigste ding wat nodig is om te sê, is dat die "vrugte" van Calvyn se leer in Genève 'n opvallende kontras vorm met die geïnspireerde stelling wat Paulus maak: "Want die koninkryk van God is nie spys en drank nie; maar geregtigheid en vrede en blydskap in die Heilige Gees" (Romeine 14:17).

Die volgende opsomming van die uitwerking van Calvyn se "Theokrasie" op Genève bied voldoende gronde vir 'n vergelyking:

Kom ons gee 'n opsomming van die treffendste gevalle van dissipline. Verskeie vroue, onder wie die vrou van Ami Perrin, die kapteingeneraal, is in die *gevangenis opgesluit omdat hulle gedans het* (wat gewoonlik met oordadigheid verband hou). Bonivard, die held van politieke bevryding en vriend van Calvyn, is voor die kerkraad gedaag omdat hy saam met Clement Marot, die digter, met 'n dobbelsteen vir 'n bottel wyn gespeel het. 'n Man is drie maande lank uit die stad *verban* omdat hy,

nadat hy 'n esel hoor balk het, in 'n grap gesê het: "Hy bid 'n pragtige psalm". 'n Jong man is *gestraf* omdat hy vir sy bruid 'n boek oor huis-houding gegee het met die opmerking: "Dit is die beste Psalmboek". 'n Dame van Ferrara is uit die stad verdryf omdat sy simpatie betoon het met die Libertyne en vir Calvin en die kerkraad beledig het. Drie mans wat tydens die preek gelag het, is drie dae lank *tronk toe* gestuur. 'n Ander persoon moes in die openbaar boete doen omdat hy nagelaat het om Nagmaal op Pinkstersondag te gebruik. Drie kinders is gestraf omdat hulle tydens die preek buite die kerk gebly het om koekies te eet ... 'n Persoon met die naam Chapuis is vier dae lank in die *tronk* aangehou omdat hy daarmee volgehou het om sy kind Claude ('n Rooms-Katolieke heilige) te noem in plaas van Abraham, soos die predikant wou hê en gesê het dat hy sy seun liever vir vyftien jaar ongedoop sou laat. Bolsec, Gentilis en Castellio is uit die Republiek *verban* vir ketterse opinies. Manne en vroue is vir hekserie *verbrand*. Gruet is

onthoof vir aanhitsing en ateïsme. Servetus is vir kettery en godslastering *verbrand*. Die laaste is die mees blatante saak wat, meer as al die ander saam, die naam van Calvin bekend maak het vir misbruik en lastering; maar dit behoort onthou te word dat hy die ligte straf van die swaard wou verruil vir die brandstapel en in hierdie geval was hy ten minste die openbare opinie en die gewone praktyk van sy tyd vooruit (Schaff, *History of the Christian Church*, volume VIII, bl. 490-492).

Schaff se pleidooi dat Calvin se "barmhartigheid" sy tyd vooruit was, is ietwat vals as ons onthou dat hy en die ander hervormers die pousdom *veroordeel* het vir soortgelyke brutaliteit en in teenstelling daarmee na Christus se voorbeeld van liefde verwys het. Miskien is dit nodig dat ons onself daaraan herinner dat Jesus die Christene van Sy tyd onderrig het: "Moenie oordeel nie, sodat julle nie geoordeel word nie" (Matthéüs 7:1). Weer: "Maar as julle die mense hulle oortredinge nie vergewe nie, sal julle Vader julle oortredinge ook nie vergewe nie" (Matthéüs 6:15).

Hierdie leerstelling is sekerlik in teenstelling met Calvin se "Theokrasie" in Genève. Ons gaan voort met

Schaff se beskrywing van daardie skrikwekkende stelsel:

Die amptelike dade van die Raad, van 1541 tot 1559, toon 'n donker hoofstuk van sensuur, boetes, gevangenisstraf en teregstellings. Tydens die verwoestende pes van 1545 is meer as *twintig mans en vrouens lewend verbrand* vir hekserie en vir bose same-swering om die verskriklike siekte te versprei. Van 1542 tot 1546 was agt-en-sestig vonnisse van doodstraf en ses-en-sewentig bevels van verbanning uitgevaardig. Gedurende die jare 1558 en 1559 het die gevalle van verskillende strawwe vir allerhande oortredings vierhonderd-en-veertien beloop – 'n baie groot gedeelte van 'n bevolking van 20,000 mense (Schaff, bl. 492).

Dus sien ons dat Calvin nie net gewillig was om te *straf* nie, maar ook om diegene *terreg te stel* wat nie met sy teologiese stelsel saamgestem het nie. Twee jaar na die verbranding van Servetus het die Libertynse party in Genève 'n laaste desperate poging aangewend om die godsdienstige hiërargie wat Calvin ingestel het, omver te werp. Hulle het eers intriges en geheime diplomatie probeer, maar het hulle uiteindelik in Mei

1555 tot gewapende konflik gewend.

Calvyn se magte was egter die sterkste en hierdie laaste opstand het die Libertynse party die nekslag toegedien. Baie mense moes nou vir hulle lewens vlug om te ontsnap van Calvyn se “geregtigheid” (Walker, bl. 400).

Op die stadium behoort ons kennis te neem van die feit – soos blyk uit die voorafgaande voorbeelde van Calvyn se stelsel – dat hy die primêre hervormer was wat die idee beklemtoon het dat mens in hierdie lewe *alle plesier sal laat vaar*.

Soos ons dus gesien het, is sulke klein dingetjies soos om kaart te speel, dans, skerts en teater bywoon as *groot sondes* beskou. In baie gevalle sou Genève se godsdienstige howe so 'n oortreder straf met *openbare géseling* of selfs moontlik die *dood*!

Hierdie streng maatreëls was die gevolg van die konsep dat God 'n streng, onverbiddelike Regter is wat alle mense wou laat *ly*. Hy kyk met afkeur na enige van die alledaagse plesier van die mens. Calvyn het verkondig dat wat Hom die meeste behaag het, 'n lewe van *leegheid, armoede en strengheid is*.

Miskien sonder om dit te besef, is duisende Protestante tot vandag toe beïnvloed deur hierdie konsep en het hulle 'n *gevoel van skuld*, selfs ten opsigte van baie van die onskuldige genietinge van die lewe. Die streng “blou wette” van die Nieu-Engelandse Puriteine

is 'n voorbeeld hiervan en dieselfde tendens heers tot vandag toe onder baie van die strenger Protestantse sektes.

Dit is goed om te besef dat hierdie leerstelling nie uit die Bybel gekom het nie. Groten-deels het dit uit *Johannes Calvyn se onbuigsame denke* gekom.

Calvyn se laaste dae

Met die onderdrukking van die Libertynse rebellie was Calvyn die onbetwiste heerser van Genève. In 1559 het hy die “Genève Akademie” gestig, wat later bekend geword het as die Universiteit van Genève. Dit het gou die grootste sentrum van teologiese onderrig in die Hervormde gemeenskappe geword, soos onderskei van die Lutherane.

Mense in alle nasies wat gesukkel het om die saak van die Hervormde Protestantisme te bevorder, *het hulle na Genève gewend* vir onderrig en ondersteuning. Dit het die groot kweekskool geword vanwaar predikante na Frankryk, Nederland, Engeland, Skotland, Duitsland en Italië gegaan het. Byna soos 'n *absolute heerser* van Genève, het Calvyn soos Hausser opmerk, “meer mag verkry en behou as wat ooit deur die magtigste pouse uitgeoefen is” (*The Period of the Reformation*, bl. 250).

Tot aan die einde het Calvyn ywerig aan prediking en geskryfte gewerk. Hy het begin om na die verspreiding van die *Protestantse kerke* oor die wêreld te kyk asof dit sinoniem

sou wees met die koms van die *Koninkryk van God*.

Hier is een van die noemenswaardigste verskille tussen Calvyn en die vorige hervormers. Hy het hulle verwagting van die spoedige Wederkoms van die Here verwerp en die finale tyd van omwenteling in 'n *onbepaalde toekomst* geprojekteer. Luther het verlangend uitgesien na die einde van hierdie tydperk voor sy eie afsterwe en die Anabaptiste het gereeld datums bepaal. Calvyn het egter weer die sienswyse van St. Augustinus laat herleef, wat die vroeë Christelike verwagting van die spoedige Wederkoms van die Here beëindig het. Hy het agtereenvolgende bedrywe in die historiese drama gevisualiseer waarin *die kerk bykans gelykstaande was met die Koninkryk van God*. Derhalwe het Calvyn die groot en naderende dag van die Here vervang met die droom van die Heilige Gemenebes in die aardse sfeer. Die oprigting daarvan was afhanklik van *menslike tussengangers*, God se uitverkore instrumente, die uitverkorenes (Bainton, *The Reformation of*

the Sixteenth Century, bl. 114).

Hierdie gesindheid het veroorsaak dat mense so gemoed geraak het in waarvan ons vandag ongelukkig moet praat as “kerklikheid”, dat hulle *nagelaat* het om *te groei* in meer geestelike waarhede as wat Calvyn gevind het, asook om sy eienaardige afdwalings van foute te korrigeer. Dit het ook 'n noemenswaardige *gebrek aan belangstelling in en begrip van die profetiese gedeeltes* van die Bybel tot gevolg gehad, wat tot vandag toe voortduur.

Calvyn se dood en die verspreiding van sy leerstellings

Ons sal nie probeer om die verspreiding van Calvinisme of die Hervormde Teologie in ander lande breedvoerig te bespreek nie, omdat die *geloofs-patroon* wesenlik *dieselfde* gebly het. Dieselfde *gees* het die beweging oral gelei. Inderdaad, die Hervormde kerke het vandag nog steeds die onuitwisbare seël van Calvyn se invloedryke denke en persoonlikheid.

Vanuit Genève het Calvinisme na Frankryk, Holland, Engeland, Skotland en Nieu-Engeland versprei. Die patroon van Genève kon nie in hierdie lande herhaal word nie, ten minste nie van die begin af nie. 'n Enkele stad kon verander word in 'n geselekteerde gemeenskap. In die geval van 'n

hele land was dit 'n baie moeilike saak. Uiteindelik is die ideaal byna in Skotland en Nieu-Engeland bereik (Bainton, bl. 121).

Wanneer ons van die *openbare géselpaal* en verbranding van mense op die brandstapel in die “Puriteinse” Nieu-Engeland-nedersettings lees, kan ons besef dat dit net 'n voortsetting van Calvyn se stelsel was. Soos geïllustreer in Nieu-Engeland en met John Knox in Skotland, het Calvyn se aanhangers probeer om, wanneer moontlik, die politieke regering met geweld te *regeer* of ten minste te *domineer*, só ook die hele bevolking.

Selfs tot en met die tyd van Calvyn se dood was sy verstand wakker en skerp, alhoewel sy liggaam deur siekte afgetakel was. Toe hy gevoel het dat sy tyd gekom het, het hy die Senaat, aan wie se beraadslagings hy so dikwels deelgeneem en dit oorheers het, laat roep. Hy het sy lede aangemoedig om die *Staat te beskerm* teen vyande wat dit nog steeds bedreig het.

Hy het kort daarna rustig gesterf. Sy mede-leraars was baie bedroef want sy sterk persoonlikheid het hulle almal geïnspireer – sy dood het 'n leemte gelaat wat niemand anders kon vul nie. Sy *dominante denkwys*e en *persoonlikheid* was sodanig dat hy “die diepste *bewondering* in sommige en 'n ewe groot *afkeer* in ander opgewek het” (Fisher, *History of the Christian Church*, bl. 329).

Hierdie einste *oorheersing* van Luther en Calvyn was op baie maniere nadelig. Dit het tot gevolg gehad dat mense hulle leerstellings en optredes *aanvaar* het *sonder om dit te bevraagteken* – sonder om ooreweging te skenk daaraan om hierdie idees vanuit die Woord van God *te bewys*.

Soos ons gesien het, is baie van die *beginsels* en *optredes* van die voorste hervormers werklik *so ver verwyder* van die onderrig en beoefening van Christus en die Apostels s'n as wat moontlik kan wees in 'n beskaafde godsdienstige samelewing!

Miskien was die Protestantse leerstelling darem 'n verbetering op die korrupsie van die Roomse kerk en sy outoritêre pouse. Indien wel, *hoeveel* van 'n verbetering was dit egter? Was dit 'n ware *herinstelling* van die *oorspronklike* Christelikheid se *geloof* en *uitlewing*?

Selfs 'n gerespekteerde Protestantse historikus het gesê:

Protestantisme het floreer en die onfeilbare pous in 'n groot deel van Europa onttron. Daar was ongelukkig met te veel weggedoen om onfeilbare pouse te maak van die Hervorming en om Luther en Calvyn, die onfeilbare teoloë, in die plek van Christus Self te plaas as 'n outoriteit wat nie weerspreek kon word nie. Hierdie neiging was moontlik sy

krag in 'n tyd van konflik, toe dit baie beteken het om baie sterk oortuigings en geen twyfel te hê om op te trek en te veg as die woord gegee word. Dit was 'n bron van swakheid en stagnasie toe die stryd verby is en die teologie meer 'n saak van aanvaarde dogma geword het as van geloof om voor te leef en te veg. Calvinisme het net soos Lutheranisme, agteruitgegaan tot 'n soort van skolastiek

waarteen dit gedeeltelik in opstand was (James MacKinnon, *Calvin and the Reformation*, bl. 291).

Soos MacKinnon wyslik opgemerk het, het Protestante vandag – in plaas daarvan om met 'n oop gemoed na *meer waarheid* te soek – “dogma aanvaar”, wat hulle probeer verdedig op dieselfde wyse as middeleeuse skolastici. God beveel dat ons “moet groei in die genade en kennis van onse Here en Saligmaker, Jesus Christus”

(2 Petrus 3:18).

Protestante was dikwels geneig om *onfeilbare pouse* van Luther, Calvyn en die ander vroeë hervormers te maak.

In die volgende uitgawe van die *Wêreld van Môre* sal ons voortgaan met hierdie feitlike en boeiende reeks, met die skokkende weergawe van die werklike feite agter die Hervorming in Engeland en die stormagtige regering van Hendrik VIII. Maak seker dat u dit lees. **WvM**

Satan se vervalste Christendom

Die verstommende boodskap in hierdie boekie sal u raak in die jare wat binnekort voorlê en dit sal ook 'n uitwerking op u ewige toekoms hê! Dit is lewensbelangrik.

Skryf in of skakel ons om u eie gratis kopie van die boekie met hierdie noodsaaklike inligting te ontvang!

Vervolg vanaf bladsy 22 – Profesieë neem gestalte aan: Nuwe syroetes

op hierdie Europese militêre aksie, sal 'n groot weermag 'n aanval van oos van die Eufraat-rivier loods (oor die Nuwe Syroete se padnetwerk?) wat een derde van die mensdom sal vernietig (Openbaring 9:13-18). Later sal hierdie “konings van die Ooste” in die Midde-Ooste in

die vallei van Megiddo (Armageddon) vergader – vir 'n finale klimaktiese stryd net voor die Wederkoms van Jesus Christus (Openbaring 16:12-16). Alhoewel dit nie die toekoms is wat deur president Xi vir China en die wêreld beoog nie, is dit wat die God van die hemel op die

aarde teweeg sal bring (sien Jesaja 46:8-11). Vrede, vreespoed en geregtigheid sal nie deur die Nuwe Syroete-inisiatief tot stand kom nie, maar deur die Koninkryk van God, gevestig deur die terugkerende Jesus Christus. **WvM**

Ontsluit die geheime van die Bybel!

Deur Richard F. Ames

Dit lyk asof die Bybel geheimsinnig en moeilik kan wees om te verstaan. Tog bevat dit die opwindendste, verstand stimulerende inligting wat die wêreld ooit kan ken! Indien u hierdie sewe sleutels gebruik, kan u die geheime van die Bybel vir uself ontsluit!

U het waarskynlik 'n Bybel. Meer as 100 miljoen Bybels word jaarliks regoor die wêreld verkoop. Tog bly die boek vir die meeste mense 'n raaisel. Verstaan enigiemand regtig die Bybel? Kan u dit verstaan? In hierdie artikel bespreek ons sewe eenvoudige, maar noodsaaklike sleutels om u te help om die verborgenhede van hierdie wonderlike boek vir u verstand te ontsluit.

Indien u 'n gereelde leser van die *Wêreld van Môre* is, lees u waarskynlik die Bybel dikwels. Hoeveel ander mense doen dit? Die Barna-navorsingsgroep het in 2017 berig dat byna een derde van die Amerikaners nooit met die Bybel in wisselwerking getree het nie en slegs ongeveer 50% van hulle het minstens drie of vier keer in die loop van 'n jaar met die Bybel te doen gehad. Tog sê dieselfde verslag dat meer as die helfte van die volwassenes wens hulle lees die Bybel meer dikwels.

Selfs onder die godsdienstiges is kennis van die Bybel aan die afneem. 'n 2017-peiling van selfverklaarde lede van die Kerk van Engeland het aangetoon dat 60% van hulle nooit hul Bybels lees nie.

Wanneer 'n volk die Woord van God lees en die voorskrifte gehoorsaam, sal daardie volk voorspoedig wees. Groot verwaarlosing van die Bybel en sy leerstellings sal voortgaan om morele agteruitgang en uiteindelijke nasionale vernietiging mee te bring.

Daniel Webster, die groot Amerikaanse staatsman, het hierdie waarskuwing oor sy nasie se toekoms gegee: “As daar iets in my gedagtes of styl is om aan te beveel, kom die krediet my ouers toe omdat hulle vir my 'n vroeë liefde vir die Skrif in my 'n behoefte gekweek het. Indien ons voldoen aan die beginsels wat ons in die Bybel geleer word, sal ons land vooruitgaan en voorspoedig wees; maar as ons en ons nageslag sy opdragte en gesag verontagsaam, sal niemand kan sê hoe skielik 'n ramp ons sal oorweldig en al ons glorie in diepe duisternis begrawe word nie”. (*Halley's Bible Handbook*, bl. 18).

Ons in die Westerse wêreld behoort Webster se waarskuwing baie ernstig op te neem. Dit is nodig dat ons die Bybel bestudeer en daarvolgens leef. Soos Jesus gesê het, “Daar is

geskrywe: Die mens sal nie van brood alleen lewe nie, maar van elke woord van God” (Lukas 4:4). Slegs gehoorsaamheid en liefde vir God se Woord kan lei tot morele en nasionale voorspoed.

Het u die Bybel lief? Antieke koning Dawid het die Skrifte wat vir hom beskikbaar was lief gehad. Hy het gesê: “U woord is 'n lamp vir my voet en 'n lig vir my pad” (Psalm 119:105). Ons het almal daardie lamp en lig nodig!

Hoe kan die bestudering van God se Woord vir u voordelig wees? Eerstens is dit nodig dat ons verstaan dat die Bybel die mees belangrikste boek in die wêreld is! Dit openbaar die ware betekenis en doel van die lewe. Dit gee beginsels vir ware sukses, vervulling en geluk. Dit verklaar waarom ons wêreld in sulke verwarring en gevaar is. Sy profesieë openbaar die toekoms, met inbegrip van die komende Koninkryk van God wat binnekort op hierdie aarde gevestig sal word. Dit vertel ons hoe om voor te berei vir die groot gebeurtenisse wat kom. Die Skrif leer ons hoe om met ons medemens op 'n goddelike manier saam te werk. Dit openbaar ook die weg na die

lewe anderkant die dood – die ewige lewe.

Ons kan nie bekostig om sonder die ongelooflike geestelike waarhede en voordele te leef wat die Bybel bied nie.

Byna 20 jaar gelede het die geleerde, Gary M. Burge, die belangrike rol beklemtoon wat die Skrif speel om ons te help om waarheid van dwaling te onderskei. In 'n artikel in *Christianity Today* het hy ons herinner: “Om hierdie hulpbron te ignoreer – om die Bybel te verwaarloos – is om van die hoogste gesag waarop ons geloof gebou is ontslae te raak. Ons word kwesbaar gelaat, onmagtig om die leerstellings te beoordeel van diegene wat ons uitnooi om hulle te volg” (*“The Greatest Story Never Read”*, 9 Augustus 1999).

Ons behoort in gesonde, fundamentele waarhede gevestig te wees! Ons durf nie van “die hoogste gesag waarop ons geloof gebou is ontslae te raak nie”. Die oplossing vir die probleem is voor die hand liggend. Ons moet die Bybel lees!

Wanneer was die laaste keer dat u u Bybel oopgemaak het? Indien u 'n gereelde leser van hierdie tydskrif is, was dit dalk net 'n paar minute gelede. Volgens meningspeiling na meningspeiling raak sulke gewoontes al hoe skaarser! Tog behoort ons elke dag die Bybel te lees. Bybelwaarhede en Bybelkennis dra by tot gesonde verstand en die wêreld het mans, vrouens en kinders met gesonde karakter en gesonde

geestesgesondheid nodig!

Die Bybel is 'n skatkamer vol waardevolle skatte. Hoe kan ons die skatte oes wat in hierdie wonderlike boek vervat is? Wat ware kennis betref, beloof die Bybel ons: “... as jy daarna soek soos na silwer en dit naspeur soos verborge skatte dan sal jy die vrees van die HERE verstaan en die kennis van God vind (want die HERE gee wysheid, uit sy mond kom kennis en verstand)” (Spreuke 2:4-6).

In hierdie artikel sal ons let op sewe basiese sleutels om die geheime van die Bybel vir u begrip te ontsluit! Dit sal u help om God se wysheid te verkry. U kan die wonderlike plan wat die Skepper God vir die hele mensdom het, duideliker begryp as u hierdie sleutels gebruik om belangrike waarhede van die Bybel te ontsluit wat deur betreklik min mense verstaan word.

Sleutel 1: Die Bybel is 'n volledige boek

Baie mense kan die Bybel nie werklik verstaan nie, want hulle gooi die eerste 39 boeke – die Ou Testament – weg. Tog, toe Jesus die Skrif aangehaal het, het Hy uit die Ou Testament aangehaal. In die woestyn het Jesus tydens sy geweldige geestelike stryd met Satan die duiwel, uit Deuteronomium 8:3 aangehaal toe Hy gesê het: “Daar is geskrywe: Die mens sal nie van brood alleen lewe nie, maar van elke woord van God” (Lukas 4:4). Daardie diepgaande waarheid is absoluut fundamenteel vir mense se

geluk en hulle ewige lewe!

Terwyl die apostel Paulus aan die jong Timótheüs geskryf het, het hy gepraat van die ware geloof wat hy in Timótheüs se moeder en ouma, Eunice en Lois, gesien het. Hierdie twee deugsame vroue het vir Timótheüs van sy kinderjare af die Skrifte geleer. Wat was daardie Skrifte? Die eerste 39 boeke van die Bybel! Die Nuwe Testament was nog nie geskryf nie. Soos Paulus Timótheüs herinner het, “... en dat jy van kleins af die heilige Skrifte ken wat jou wys kan maak tot saligheid deur die geloof in Christus Jesus” (2 Timótheüs 3:15). Timótheüs was in staat om verlossing deur die Ou Testamentiese Skrifte te verstaan en Jesus Christus as sy Verlosser te aanvaar.

Die Bybel is 'n volledige boek. Dit begin in die boek Genesis en eindig met die boek Openbaring. Trouens, God waarsku: “Want ek betuig aan elkeen wat die woorde van die profesie van hierdie boek hoor: As iemand by hierdie dinge byvoeg, dan sal God oor hom die plaë byvoeg waarvan in hierdie boek geskrywe is. En as iemand iets van die woorde van die boek van hierdie profesie wegneem, dan sal God sy deel wegneem uit die boek van die lewe en uit die heilige stad en uit die dinge waarvan in hierdie boek geskrywe is” (Openbaring 22:18-19). Wees versigtig vir enigiemand wat vir u sê dat 'n ander boek 'n “verborge deel van die Bybel is” of “nodig is om die Bybel te verstaan”.

Moet nooit vergeet dat toe Jesus ons die twee groot gebooi geleer het, het Hy dit uit die Ou Testament aangehaal! Die eerste groot gebod, dat ons God moet liefhê met ons hele hart, siel en krag staan in Deuteronomium 6:5 geskryf. Die tweede groot gebod, dat mens jou naaste sal liefhê soos jouself, kom uit Levitikus 19:18. Jesus het nie iets nuuts uitgedink toe Hy hierdie gebooi gegee het nie; dit is Ou-Testamentiese bevele en is Gebooi van God!

Waarlik, ons kan nie God se plan verstaan tensy ons die hele Bybel as die Woord van God bestudeer nie. Om die Bybel te verstaan, moet ons die Ou Testament sowel as die Nuwe Testament lees.

Die Bybel is God se geskenk aan die hele mensdom. Waardeer ons dit regtig soos ons moet? Indien ons dit wel doen, behoort ons gereeld die Bybel te bestudeer. Amerika se President Abraham Lincoln het hierdie stelling oor die Bybel gemaak: "Ek glo die Bybel is die beste geskenk wat God ooit aan die mens gegee het. Al die goedheid van die Verlosser van die wêreld word aan ons deur hierdie boek oorgedra" (*Halley's Bible Handbook*, bl. 18).

Sleutel 2: Die Bybel is altyd van toepassing

Sommige mense glo dat omdat die Bybel ongeveer 1,900 jaar gelede voltooi is, dit vandag nie meer op ons van toepassing kan wees nie. Daardie sienswyse is verkeerd! Soos hierdie tydskrif

oor die jare in talle artikels gedemonstreer het is die Bybel nie net vandag van toepassing op ons nie, maar die profesieë openbaar ook die mensdom se toekoms en ons wonderlike eindbestemming. Die goeie nuus is dat mense hulleself nie heeltemaal sal vernietig nie. Jesus Christus sal weer op die heel gevaarlikste tydstop in die menslike geskiedenis kom om ons van onself te red. Ja, ons sien uit na die einde van hierdie "huidige bese wêreld" – die einde van hierdie era en die begin van 'n nuwe era wat diegene van ons wat hierdie tydskrif behartig die "Wêreld van Môre" noem. Jesus het gesê: "En hierdie evangelie van die koninkryk sal verkondig word in die hele wêreld tot 'n getuienivir al die nasies; en dan sal die einde kom" (Matthéus 24:14). Die Evangelie van die Koninkryk van God is altyd toepaslik!

Die Gallup-organisasie het ontdek dat 65% van die Amerikaners saamstem dat die Bybel "alle of die meeste van die basiese vrae van die lewe beantwoord". Ja, die Bybel is toepaslik. Dit beantwoord wel die lewe se mees basiese vrae!

Die Barna-organisasie het in sy 2017 "State of the Bible"-analise gerapporteer: "Die oorgrote meerderheid huishoudings [in Amerika] besit ten minste een Bybel (87%), 'n verhouding wat sedert 2011 relatief konsekwent gebly het". In werklikheid, selfs die meerderheid huishoudings wat skepties of vyandig teenoor die Bybel is, besit een (67% en 62%

respektiewelik).

Indien daar enige ateïste is wat hierdie artikel lees, daag ek u uit om u Bybel oop te maak as u een het en dit net eenvoudig te lees! Ek dink u sal verbaas wees oor die eenvoudige en betroubare voorskrifte vir 'n suksesvolle lewe wat u sal vind. Twyfel u oor Jesus Christus? Lees eers die boek Matthéus en lees dan die ander drie weergawes van Sy lewe op planeet Aarde (Markus, Lukas en Johannes). Lees hulle getuienis en bewyse met 'n oop gemoed. Indien u in een van daardie huishoudings woon wat drie of meer Bybels het, moedig elke lid van u gesin aan om die Bybel te lees. Dit kan u lewe ingrypend verander – ten beste!

Sleutel 3: Die Bybel interpreteer self die Bybel

Ons het hierdie sleutel al in vorige artikels bespreek en dit is lewensbelangrik. Afhangende van hoe u dit tel, is tussen een kwart en een derde van u Bybel profesie. Hoe kan u die simboliese taal verstaan wat dikwels daarin gebruik word? Byvoorbeeld, die boeke van Daniël en Openbaring is ryk aan geheimsinnige beelde wat baie min mense vandag verstaan. Indien u hierdie belangrike beginsel begryp, dat die Bybel homself interpreteer, kan u dit verstaan!

In vorige artikels het ons voorbeelde van simboliek in die boek Openbaring bespreek. Let op die sterre wat in Openbaring 1:20 genoem word; hierdie sterre simboliseer die engele

van die sewe kerke. Die sewe lampe simboliseer die sewe kerke. In Openbaring 17 lees ons dat die apostel Johannes in 'n visioen 'n dier gesien het wat deur 'n hoer gery word. Johannes het geskryf: "... en ek het 'n vrou sien sit op 'n skarlakenrooi dier vol godslasterike name, met sewe koppe en tien horings" (vers 3). Sy word genoem, "Verborgene, die groot Babilon, die moeder van die hoere en van die gruwels van die aarde" (vers 5). Vers 6 verklaar dat hierdie vrou ware Christene vervolg.

Hoe sal ons dit alles verstaan? Die verse wat volg gee ons die betekenis van die simbole. Vers 12 openbaar byvoorbeeld die betekenis van die tien horings van die dier: "En die tien horings wat jy gesien het, is tien konings wat nog geen koningskap ontvang het nie, maar hulle ontvang mag soos konings een uur lank saam met die dier." Vers 18 sê aan ons: "En die vrou wat jy gesien het, is die groot stad wat heerskappy voer oor die konings van die aarde." Watter stad is dit? Om meer te wete te kom oor hierdie wonderlike profesieë en die toepaslikheid daarvan op ons vandag, bestel asseblief u gratis eksemplaar van ons boekie, *Die Dier van Openbaring: Mite, beeldspraak of werklikheid?* Skryf aan die plaaslike kantoor wat die naaste aan u is (soos gelys op bladsy 2 van hierdie tydskrif) of gaan aanlyn na *Tomorrows-World.org* om die boekie aanlyn te lees of te versoek dat 'n gratis eksemplaar aan u gestuur word.

Soms gebruik die Bybel 'n simboliese woord, maar miskien word dit nie onmiddellik in die volgende vers verduideliking nie. Indien dit gebeur, onthou 'n vierde sleutel:

Sleutel 4: Bestudeer al die Skrifgedeeltes oor 'n onderwerp

Bybelstudente en onderwysers wat nie hierdie sleutel gebruik nie, glo uiteindelik vals en misleidende leerstellings. Neem byvoorbeeld die teenstrydigheid wat dikwels as "wet of genade" beskryf word. Beteken God se genade dat 'n Christen 'n lewe van roekelose sonde kan leef en nie gehoorsaam hoef te wees aan sy Verlosser nie? Natuurlik nie! Soos Jesus gesê het, "Maar as jy in die lewe wil ingaan, onderhou die gebooie" (Matthéüs 19:17). Jesus het toe verskeie van die Tien Gebooie opgenoem.

Onthou, die Bybel weerspreek homself nie. Jesus het gesê: "... en die Skrif nie gebreek kan word nie" (Johannes 10:35). God se genade gee ons nie toestemming om God se Wet te oortree nie. Die Apostel Judas het teen valse leraars gewaarsku wat "die genade van onse God verander in ongebondenheid" (Judas: 4). Soos die *Anchor Bible Dictionary* dit stel, Paulus verklaar dat God se genade vryheid van sonde bring en nie vryheid om te sondig nie ("*Antinomianism*", Vol. 1, bl. 263). U kan dit self in Romeine 6:1-2 lees.

Sommige onbedagsame Bybelstudente neem verkeer-

delik aan dat Efésiërs 2:15 beteken dat daar weggedoen is met God se Tien Gebooie en Sy morele Wet vir Christene. Daardie vers lui: "... deurdát Hy in sy vlees die vyandskap tot niet gemaak het, naamlik die wet van gebooie wat in insettinge bestaan; sodat Hy, deur vrede te maak, die twee in Homself tot een nuwe mens kon skep". Indien ons noukeurig na die vers kyk, sien ons dat die woord wat as "insettinge" vertaal is in Grieks *dogma* is en verwys na die mensgemaakte wette wat baie Jode van Jesus se dag gebruik het om verdeeldheid tussen hulle en die heidene te veroorsaak. Die beginsel is om al die Bybel se verwysings na 'n onderwerp te bestudeer, sodat ons seker kan wees dat ons dit verstaan. Let op wat die skrywers van die *NIV Study Bible* oor die vers geskryf het. "Aangesien Matthéüs 5:17 en Romeine 3:31 ons leer dat God se morele standaard soos dit in die Ou-Testamentiese Wet uitgedruk is, nie deur die koms van Christus verander is nie. Wat hier afgeskaf is, is waarskynlik die uitwerking van die spesifieke 'gebooie en regulasies' om Jode van heidene te skei, wie se nienakoming van die Joodse Wet hulle ritueel onrein maak."

Onthou ons eerste sleutel om u Bybel te ontsluit: "Die Bybel is 'n volledige boek". Die *NIV Study Bible* se kommentaar is in ooreenstemming met hierdie beginsel en erken dat Christus dieselfde Wet vervul het wat Hy as die God van die Ou Testament afgekondig het –

eerder as afgeskaf het (Exodus 20; 1 Korinthiërs 10:1-5).

Bestudeer die Skrifte in die Ou en Nuwe Testamente van u Bybel. Om dan seker te wees dat u 'n duidelike begrip van Bybelse waarhede het, maak seker dat u al die Skrifgedeeltes oor die onderwerp verstaan wat u bestudeer. Wanneer u dit ywerig en eerlik doen, sal u dikwels vind dat die “hoofstroom”-leerstellings oor 'n onderwerp nie ooreenstem met wat die Bybel werklik sê nie.

Sleutel 5: Verstaan die kontekste

Wanneer u al die Skrifgedeeltes oor 'n onderwerp bestudeer het, gaan 'n bietjie verder. Lees al die Skrifgedeeltes rondom 'n vers wat u bestudeer. Byvoorbeeld, sommige mense glo verkeerdelik dat die Jerusalem-konferensie in Handeling 15 die Tien Gebooe vir die heidene afgeskaf het. Let egter op die besluit van die apostel Jakobus: “Daarom oordeel ek dat ons die wat uit die heidene hulle tot God bekeer, nie moet bemoeilik nie, maar aan hulle skrywe dat hulle hul moet onthou van die dinge wat deur die afgode besoesel is en van hoerery en van wat verwurg is en van bloed” (Handeling 15:19-20).

Terwyl die Apostels hierdie vier verbode sondes gespesifiseer het, het dit toe die heidene vry gemaak om op ander maniere te sondig? Kon hulle die gebod oortree wat sê: “Jy mag nie doodslaan nie”? of dalk, “Jy mag geen ander gode voor my aangesig hê nie”? Natuurlik nie!

Die Apostels het op geen manier die morele Wet van God herroep nie. Om dit te verstaan, is dit nodig dat ons die konteks van hierdie verse lees en verstaan. Wat was die hoofvraag in hierdie dispuut? “En sekere persone wat van Judéa afgekom het, het die broeders geleer: As julle nie besny word volgens die gebruik van Moses nie, kan julle nie gered word nie” (Handeling 15:1).

Die twispunt in Handeling 15 was besnydenis. Die Jerusalem-konferensie het besluit dat heidene nie besny moes word om gered te word nie. Die apostel Paulus het later aan die Korinthiese nasies geskryf: “Die besnydenis is niks en die onbesnedenheid is niks, maar die onderhouding van die gebooe van God” (1 Korinthiërs 7:19).

Is hierdie 'n uitdaging vir u vooropgestelde idees oor hierdie vers en die betekenis daarvan? Te dikwels vermy predikers 'n goeie verduideliking van die Skrif deur te fokus op emosionele en geestelike perspektiewe wat onvolledig is. Soos kommentator Burge in sy bogenoemde *Christianity Today*-artikel geskryf het, “Geschiedkundige skrifverklaring is vinnig besig om 'n verlore kuns van die preekstoel te word. In plaas daarvan om die geskiedkundige agtergrons van die Skrifdeel te verduidelik, word tekste springplanke vir godsdienstige oordenking. Bybelse gedeeltes word uit konteks geneem omdat die prediker op soek is na daardie stories wat die verlangde

reaksies of gesindhede sal ontlok”.

Maak seker dat u die konteks verstaan deur al die Skrifgedeeltes en verse te lees, ongeag die onderwerp wat u bestudeer. Gebruik hierdie sleutel om die Bybel te verstaan en u kan die vangstrik vermy wat Burge beskryf.

Sleutel 6: Bewys alle dinge

Ons daag dikwels ons lesers uit om hulle Bybels oop te maak en seker te maak van wat ons skryf. Moenie wat ons in hierdie tydskrif publiseer as vanselfsprekend aanvaar nie. Lees dit in u eie Bybel. Christene word vermaan: “Beproof alle dinge; behou die goeie” (1 Thessalonicense 5:21).

Let op die gesindheid van die Bereane, wat geprys word vir hulle positiewe, ondersoekende gesindheid by die lees van die Skrifte. “En hierdie mense was edelmoediger as dié in Thessalonika; hulle het die woord met alle welwillendheid ontvang en elke dag die Skrifte ondersoek of hierdie dinge so was” (Handeling 17:11).

Een manier om te toets of te bewys, is om die beginsels en voorskrifte van die Bybel te beoefen. Jesus het beklemtoon dat ons volgens die Bybel moet leef, deur “elke woord van God.” Hy het gesê: “En wat noem julle My: Here, Here! en doen nie wat Ek sê nie?” (Lukas 6:46). U kan die Bybel bewys en toets deur die instruksies daarvan uit te leef. Dit is hoe u 'n goeie begrip kan hê. Ons lees: “Die vrees van die HERE is die beginsel van die

wysheid; almal wat dit beoefen, het 'n goeie verstand" (Psalm 111:10). Moontlik het u al gehoor dat onderwysers praat van "leer deur te doen"? Hierdie beginsel geld ook in u Christelike lewe.

Sleutel 7: Bid vir begrip

Hierdie sleutel is die basis waarop die eerste ses sleutels rus. Die Bybel beklemtoon dat ons 'n leergierige gesindheid nodig het. Antieke koning Dawid was 'n man na God se eie hart (Handelinge 13:22). Let op Dawid se ontvanklike gesindheid deur te bid vir begrip. "HERE, maak my u weë bekend;

leer my u paaie. Lei my in u waarheid en leer my, want U is die God van my heil. U verwag ek die hele dag" (Psalm 25:4-5).

Onthou om te bid vir begrip terwyl u u Bybel lees en bestudeer. Bid vir leiding. God seën diegene wat die Skrif eer en Sy heilige Woord eerbiedig. Almagtige God sê: "Maar op hierdie een sal Ek let: op hom wat arm is en verslae van gees, en wat bewe vir my woord" (Jesaja 66:2).

Die Bybel is die heel belangrikste boek in die wêreld. Indien u die Bybel nie gelees het nie, is dit nou die tyd om te

verander. Lees dit daaglik. Indien u gesindheid reg is, sal u grootliks geseënd wees en u lewe sal verander word. Soos Jesus gesê het, "... die woorde wat Ek tot julle spreek, is gees en is lewe" (Johannes 6:63).

Die Bybel is nie net 'n boek vir vandag nie, maar dit is ook die boek van die toekoms! Soos Jesus gesê het: "Die hemel en die aarde sal verbygaan, maar my woorde sal nooit verbygaan nie" (Lukas 21:33). Dank God dat Hy Sy ontsagwekkende geestelike waarheid en die ware doel van die lewe met ons gedeel het. **WvM**

Die Bybel: Feit of fiksie?

Is die Bybel net 'n versameling mites en legendes of is dit die geïnspireerde Woord van God? Baie mense aanvaar dat moderne geleerdheid die Bybel ongeloofwaardig maak, maar die geskiedkundige feite – en die ontdekkings van argeologie – bevestig dat die inhoud daarvan eg is! Die Bybel sit die verlede met verstommende akkuraatheid uiteen en voorspel die toekoms soos geen ander boek nie!

Skryf in of skakel ons vandag nog om u eie kopie van hierdie uiters noodsaaklike boekie te bekom!

Marihuana of te wel Dagga

DEEL 2:

Is daar goeie rede om bedwelmd te raak?

Stuart Wachowics

Die Westerse samelewing het feitlik onherkenbaar geword vir enigiemand wat so kort as 50 jaar gelede gebore is. Die waardes, handelwyses en vermaak het grotendeels die teenoorgestelde geword van dit wat in die middel van die 20ste eeu aanvaarbaar was. Vandag lei die toename in jurisdiksies wat dagga vir ontspanningsgebruik gewettig het, tot 'n groter verwerping van lankgekoesterde standaarde.

In die vorige uitgawe van die *Wêreld van Môre* het die eerste artikel van hierdie reeks twee van die belangrikste redes vir die wettiging van "pot" genoem. Die eerste is dat daar 'n toenemende aanvaarding in die samelewing is dat dagga (cannabis of marihuana) 'n skadelose dwelm is en dus sal wettiging nie skadelik vir die samelewing wees nie. Die tweede is die feit dat verskeie pogings en hulpbronne aangewend word deur wetstoepassingsagentskappe om dwelmmisbruik te bestry, blykbaar met min sukses en dagga se onwettige status gee georganiseerde misdaad die geleentheid om voordeel te trek uit die verskaffing van die dwelm. Baie mense redeneer dat indien marihuana (dagga) wettig was, hierdie hulpbronne elders aangewend sou kon word en die winste uit dwelmverkope sou nie meer die kriminele element bevoordeel nie, maar eerder die staat.

Ons het ook in die vorige uitgawe 'n deel van die oorweldigende aantal mediese navorsing gesien wat aantoon

dat dagga (cannabis of marihuana) alles behalwe onskadelik is. Ons het navorsing aangehaal wat toon dat dagga bydra tot die verlies aan motivering, veral by die jeug as gevolg van dalende dopamienvlakke in die brein. Daar is ook getoon dat dit direk bydra tot beide hoër verslawingsvlakke en gevalle van breinskade (verminderde geheue en aandagspan, verminderde redeneringskapasiteit en gevolglike afname in akademiese prestasie). Selfs die regering se gesondheidswebtuistes bevat baie waarskuwings teen die gebruik van dagga. *Health Canada* verwys byvoorbeeld na navorsing wat 'n verhoogde risiko van psigose en skisofrenie aantoon, asook die ernstige gevare wat dit vir ongeboore kinders inhou wie se moedersgebruikers is.

Dagga is alles behalwe veilig. Wat van die tweede argument wat deur die voorstanders geopper is?

Sal wettiging van dagga die misdaad en algemene dwelmgebruik verminder?

'n Belangrike argument wat deur voorstanders van die wettiging van dagga se wettiging gebruik word is gebaseer op die veronderstelling dat die wettiging van die dwelm 'n belangrike bron van inkomste vir georganiseerde misdaad sal ondermyn. Die standpunt word geopper dat die wettiging van dagga die kontak tussen gebruikers en kriminele elemente sal verminder en sodoende die waarskynlikheid van kontak met meer

ernstige dwelms sal verminder.

Hoewel dit duidelik is dat die verwydering van dagga se onwettige status 'n daling in die misdaadsyfer teweeg sal bring (die gedrag hou nie op nie, dit word net "hergedefinieer" as wettig), beteken dit nie dat die onwettige dwelmhandel beduidend benadeel sal word nie.

Selfs toe die toepassing van dagga-wette verslap het en die dwelm in kettingwinkels verkrygbaar was, *het die gebruik van ander onwettige dwelms nie gedaal nie*. Ten spyte van die makliker beskikbaarheid en die verminderde risiko van vervolging, het die verbruik van selfs meer skadelike dwelms toegeneem. Die meeste navorsing wat op ervaring gegrond is toon dat dagga 'n wegspringplek vir gevaarliker dwelms is. Of dagga gewettig word of nie, georganiseerde misdaad sal voordeel trek uit die verhoogde gebruik.

Dr. Robert Dupont, die eerste direkteur van die Nasionale Instituut vir Dwelmmisbruik, maak die volgende opmerking in die *New York Times*: "... mense wat dagga gebruik, gebruik ook meer, nie minder nie, wettige en onwettige dwelms as mense wat nie dagga gebruik nie".

Hy sê verder: "Die wettiging van dagga sal blywende negatiewe gevolge hê vir toekomstige geslagte. Die huidige wettige dwelms, alkohol en tabak is twee van die voorste oorsake van voorkombare siektes en sterftes in die land. Om dagga te vestig as 'n derde wettige dwelm, sal die nasionale dwelmmisbruik

probleem verhoog, met inbegrip van die uitbreiding van die opioïed-epidemie” (*“Marijuana Has Proven to Be a Gateway Drug”*, *New York Times*, 26 April 2016).

Navorsing en gesonde verstand dui daarop dat die wetting van marihuana, dwelmmisbruik en misdaad sal laat vermeerder – *nie verminder nie*. Diegene wat 'n bedwelming van dagga soek, sal baie meer geneig wees om 'n meer intense bedwelming van ander dwelms te soek.

Vroeër in my loopbaan was ek 'n administrateur in 'n groot skoolstelsel van meer as 80,000 studente. Een van my minder gunsteling pligte was om as voorsitter op te tree by die studente-uitsettingsverhore. Volgens my ervaring het die oorgrote meerderheid van sulke gevalle dwelms van een of ander soort behels, dikwels “crystal meth”, “ecstasy” of “crack”. In byna elke geval het die jongmens met dagga begin. Ongeag of dit nou wettig is of nie, is dit 'n “wingspringplek” (gateway drug) vir erger dwelms en die onvermydelike verdriet en die verlies aan potensiaal wat daarop volg. Die wetting van ontspanningsdwelms lei slegs tot 'n swakker en gewelddadiger samelewing, waarin die enigste “hoop” beskikbaar lyk of dit is om bedwelmd te wees.

Trouens, in sommige state van Amerika het wetting uitgeloop op 'n 400% toename van dagga-verwante besoeke aan noodkamers, soos dit gerapporteer is deur dr. G. S. Wang van die departement kindergeneeskunde aan die Universiteit van Colorado (*“Marijuana-related ER visits among kids quadruples at Colorado-hospital: Study”*, *TorontoSun.com*, 8 Mei 2017).

Verskeie studies wat in die VSA en Kanada uitgevoer is, het

getoon dat wanneer dagga gewettig is of selfs nog hangende is, glo mense dat *die regering dagga as 'n veilige en skadelose middel aanwys*. Gebruikers is egter dikwels nie bewus daarvan dat die sterkte-vlak van dagga vandag – die konsentrasie van die hallucinogene bestanddeel THC (tetrahydrocannabinol) – tot vyf keer hoër is as in die 1960's nie.

Medisinale dagga (Marihuana)

Vir die grootste deel van die vorige eeu was dagga 'n onwettige of ingeperkte dwelm. Dit het dit moeilik gemaak om navorsing te doen oor enige moontlike medisinale eienskappe. Onder druk van die “*pro-marijuana-lobby*” het 'n aantal Amerikaanse state en die regering van Kanada dagga gedekriminaliseer vir “medisinale” doeleindes en begin om groeiende bedrywighede vir medisinale verspreiding te wettig. In sommige jurisdiksies kan 'n individu 'n permit bekom om 'n beperkte hoeveelheid dagga te verbou indien daardie persoon gelisensieer is om dit vir 'n mediese rede te gebruik.

Die mediese beroep het 'n waarskuwing gerig om versigtigheid aan die dag te lê oor wat hulle as 'n voortydige aanwending van medisinale dagga beskou. Geneeshere opper 'n aantal belangrike besorgdhede rakende die voorskryf van dagga vir 'n gegewe klagte.

1. Die gebrek aan navorsing wat enige toestand identifiseer wat positief op 'n bestanddeel in dagga sal reageer. Daar is baie min reproduseerbare navorsing van die teenstanders wat spesifiek 'n mediese toestand identifiseer wat voordelig met dagga behandel kan word. Hoorsê, stories en persoonlike menings is moeilik om in 'n mediese

voorskrif te vertaal.

2. Die gebrek aan navorsing en kliniese toetse om dosisse te bepaal: Daar moet nog baie navorsing gedoen word om te identifiseer watter bestanddele van dagga voorgeskryf moet word en die korrekte dosis van daardie bestanddeel, gebaseer op die pasiënt se gewig, ouderdom, geslag en erns van die toestand.

3. Die gebrek aan navorsing oor dagga se interaksie met ander medikasie: Voordat medisyne veilig voorgeskryf kan word, benodig dokters toegang tot inligting oor moontlike verdowingsmiddel interaksies. Om nie kennis hiervan te dra nie kan ernstige, selfs noodlottige, gevolge hê.

4. Die gebrek aan konsekwentheid in konsentrasie van die medisinale bestanddeel: Tans is dagga-producente nie onderworpe aan regulasies met betrekking tot standarde van suiwerheid of konsekwentheid van konsentrasie van die “medisinale” bestanddele nie. Monsters kan aansienlik wissel in terme van aktiewe bestanddele.

Dit is duidelik dat die huidige oorhaastigheid om “medisinale dagga” op die mark en in die hande van verbruikers te kry, *voortydig* en selfs *potensieel onverantwoordelik* aan die kant van die wetgewers is. Die Amerikaanse Mediese Vereniging – wat op mediese gronde die wetting van dagga teengestaan het – beklemtoon die noodsaaklikheid om deeglike navorsing oor die farmakologie van dagga te doen, voordat die staat kan begin om dit as 'n farmaseutiese produk te ondersteun. Ander geneesmiddels word onderwerp aan streng

toetse en om dagga deur hierdie proses te haas, word deur wetenskaplikes as onverantwoordelik beskou. Let op die volgende klousule van die Amerikaanse Mediese Vereniging se beleid:

Ons AMA [American Medical Association] dring daarop aan dat dagga (marihuana) se status as 'n federale Skedule 1-beheerde stof hersien moet word met die doel om die bestuur van kliniese navorsing en ontwikkeling van kannabinoïed-gebaseerde medisyne te fasiliteer, asook aanwendingsmetodes af te wissel. Dit moet nie beskou word as 'n goedkeuring van staats-gebaseerde mediese kannabisprogramme, die wettiging van dagga of dat wetenskaplike bewyse oor die terapeutiese gebruik van kannabis voldoen aan die huidige standaard vir 'n voorskriptomedisyneproduk nie (*American Medical Association-CSA Rep. 6, A-01*).

In 'n brief aan Kanada se destydse Minister van Gesondheid het die Kanadese Mediese Vereniging eweneens gesê dat daar “weinig bewyse bestaan oor die doeltreffendheid van die kruievorm van dagga”. (Brief aan minister Aglukkaq, 28 Februarie 2013). Dit is 'n paar maande later opgevolg deur die volgende verklaring van die Kanadese Mediese Vereniging:

Die CMA glo steeds dat daar onvoldoende wetenskaplike bewyse beskikbaar is

om die gebruik van dagga vir kliniese doeleindes te ondersteun. Dit is ook van mening dat daar onvoldoende bewyse is van kliniese risiko's en voordele, met inbegrip van die korrekte dosis dagga wat gebruik moet word en die moontlike interaksies tussen hierdie geneesmiddel en ander medikasie (“*New 'Marihuana [sic] for Medical Purposes Regulations': What Do Doctors need to Know?*” *Canadian Medical Association, 2014*).

Verenigings van dokters bied weerstand teen die gebruik van sogenaamde “medisinale dagga”, aangesien daar tans min vaste kliniese bewyse is dat die dwelmmiddel effektief is. Daar was 'n paar aanduidings dat kannabinol, 'n bestanddeel in dagga, dalk potensiaal het vir die behandeling van spesifieke kwale, soos 'n aanval van stuipe. Daar is egter nog baie navorsing nodig om gepaste dosisse, nuwe-effekte en ander inligting te bepaal voordat dokters dit eties kan voorskryf. Vir diegene wat daarop aandring dat dagga medisinale voordeel het wys dokters daarop dat daar reeds dosisbeheerde, noukeurig gemete medikasie bestaan: Dronabinol (Marinol®) en nabilone (Cesamet®). Dokters kan reeds enigeen van hierdie medisyne voorskryf, alhoewel elkeen nog toepaslike navorsing kortkom. So waarom is daar nog so 'n gesanik vir medisinale dagga? Kan dit dalk wees dat hierdie goedgekeurde kliniesgekontroleerde medisyne die THC toelaat om 'n uitwerking te hê op die liggaam, maar *die gebruiker nie die gewenste*

“*dwelmingsgevoel*” gee nie? Mens wonder ook, dat wanneer dagga gewettig word, hoe lank die vraag na “medisinale” dagga sal voortduur? Miskien is die “medisinale” aspek meer 'n verskoning as 'n werklikheid.

'n Onderliggende rede agter alles – met inbegrip van lewe!

Ons kan afsluit met 'n paar stellings van 'n onlangse redaksionele verslag van dr. Diane Kelsall in die *Canadian Medical Association Journal*. In reaksie op Wet C-45, wat ontwerp is om op 1 Julie 2018 dagga in Kanada te wettig, skryf dr. Kelsall:

Eenvoudig gestel, dagga behoort nie deur jongmense gebruik te word nie. Dit is giftig vir hulle kortikale neuronale netwerke, met beide funksionele en strukturele veranderinge wat in die brein van die jeug gesien word wat gereeld dagga gebruik. Die Sentrum vir Verslawing en Geestesgesondheid het ondubbelzinnig verklaar dat “**dagga nie 'n onskadelike middel is nie en die nadelige gevolge aan gesondheid daarvan neem toe met intensiteit van gebruik**” (“*Cannabis legislation fails to protect Canada's youth*”, *Canadian Medical Association Journal*, 29 Mei 2017).

Politieke leiers behoort gedryf te word deur 'n gevoel van wat goed is vir hulle burgers, maar diegene wat toegee aan groepe wat op soek is na genotsugtige plesier – of vir diegene wat moontlik ondernemingsbelange het, wat uiteindelik om kettingwinkels se

Vervolg op bladsy 26

Profesieë neem gestalte aan 'n Onverwagte uitvloeisel van China se nuwe syroete

Deur Douglas S. Winnail

Xi Jinping, die president van die Volksrepubliek van China, wil sy land se grootheid herstel en die toekoms hervorm deur ou ruilhandelroetes tussen China en die Weste te laat herleef. As een van die wêreld se kragtige en visioenêre leiers, beplan president Xi om triljoene dollars uit te leen vir 900 ontwikkelingsprojekte in meer as 60 lande, ten einde wêreldwye handel met China moontlik te maak. Die Nuwe Syroete-inisiatief sal die konstruksie van hawens, pyplyne, kragstasies, spoorweë en snelweë finansier om goedere oor Asië, tussen Afrika, die Midde-Ooste, Europa en China te vervoer. Hierdie massiewe onderneming word "die nommer een-projek onder die hemel" genoem. (*"Why India distrusts China's One Belt One Road initiative"*. *lowlyinstitute.org*, 2 September 2016).

Die beste planne van die mens werk egter nie altyd uit soos dit bedoel is nie. President Xi se ambisieuse plan kan help om antieke eindtydse profesieë te vervul.

Die Syroete se ware doelwitte?

Volgens Chinese bronne is die primêre doel van hierdie uitgebreide projek om 'n goue era van handel in te lui deur koophandel

te bevorder, die wêreld se ekonomie te versterk en moderne voordele vir onder-ontwikkelde lande te bring. President Xi hoop die plan "sal nuwe ekonomiese mag vir wêreldwye groei ontketen ... sodat die mens nader aan 'n gemeenskap met 'n gemeenskaplike eindbestemming sal beweeg" (*"China's new Silk Road promises trade and riches, with President Xi at helm"*, *Reuters*, 15 Mei, 2017). Pakistan se president meen dat China se pogings om vriendskap te bevorder en paaie en brûe te bou om handel oor Asië te bevorder, "n werklike nuwe era van medewerkende interkontinentale samewerking" sal teweegbring, terwyl Chili se president voorspel dat die *New Silk Road Initiative* die "weg sal baan vir 'n meer omvattende, gelyke, regverdige, welvarende en vreedsame samelewing met ontwikkeling vir almal" (*"China's \$900 billion New Silk Road. What you need to know"*. *World Development Forum*, *weforum.org*, 26 Junie 2017).

Ontleders in Indië, Japan, Europa, Rusland en Amerika is egter baie bekommerd. Met 'n bevolking van ongeveer 1,4 miljard mense het China een van die grootste ekonomieë op die planeet. Groot hulpbronne word benodig om die ekonomie aan

die gang te hou en Sentraal-Asiatiese lande langs die Syroete het enorme neerslae olie, gas en minerale wat China nodig het. Deur geld te leen aan hierdie nasies om vervoerfasiliteite te bou, verkry die Chinese toegang en potensiële beheer oor hierdie bronne. Die lenings (aangebied sonder die vereiste deursigtigheid, demokrasie en menseregte) behels dikwels ooreenkomste om Chinese tegnologie, Chinese staal, Chinese ingenieurs en Chinese arbeid te gebruik. Dit skep 'n mark vir die oortollige kapasiteit van China se fabriek en verhoed afdankings in hierdie staatsbesighede. Die lande wat in die skuld is word dan meer verantwoordelik gehou vir China se belange en eise (*"China's Silk Road project: A trap or an opportunity?"* *Al Jazeera*, 17 Mei 2017).

Verskeie waarnemers sien ook 'n duidelike geopolitieke strategie agter die Nuwe Syroete Projek. President Xi is daartoe verbind om die "Chinese droom" te verwesenlik – die lewens van sy mense te verbeter en om China na sy regmatige plek te herstel as middelpunt van die wêreldtoneel. Hy fokus nie net op die uitbreiding van die Chinese ekonomie deur die verkryging van hulpbronne en

markte vir China se uitvoere nie, maar ook om die wêreld se grootste militêre mag te moderniseer met die vermoë om “China se mag in die buiteland te laat geld teen alle mededingers. President Xi se mikpunt is ook om nasionalisme en trots op die herstel van 'n Groot China te laat herleef” (“Behold the New Emperor of China”. *The Wall Street Journal*, 17 Oktober 2017). Al hierdie dinge maak ander nasies in die streek senuweeagtig, wanneer hulle besef dat China sy wêreldwye invloed uitbrei en die omvang van sy geldstelsel met lenings en handel versterk (*bloomberg.com*, 15 Mei 2017). Die hawens en spoorweë van die Nuwe Syroete kan in die toekoms ook gebruik word om China se militêre magte oor Asië te vervoer (*hindustantimes.com*, 25 Mei 2017).

Vir eeue lank het China homself as die *Middelpunt Koninkryk* beskou – die middelpunt van die wêreld – aan wie ander nasies eerbied verskuldig is vanweë sy kulturele superioriteit. Uit 'n Chinese perspektief het hierdie verhewe status in die 1800's verlore gegaan as gevolg van aggressie deur buitelandse moondhede (Groot-Brittanje, Rusland, Japan en Amerika). Vir 'n volk met 'n geskiedenis van nasionale verheewendheid, is “China se val van grootheid – die laaste 150 jaar van China se groot vernedering – 'n afwyking, 'n ontheiliging van China se spesiale kwaliteit en 'n persoonlike belediging vir elke indivi-

duele Chinees. Dit moet uitgewis word en sy oortreders verdien die nodige straf” (Brzezinski, Zbigniew. *The Grand Chessboard*, 1997, bl. 15, 158). Om China se geskiedenis te verstaan, werp lig op waarom moderne China daarop gefokus is om te herwin wat deur hom beskou word as sy regmatige prominensie in die wêreld. Dit is ook die rede waarom China vasbeslote is om nie deur ander moondhede gekortwiek of teruggehou te word nie en waarom dit versterkte kunsmatige eilande in die Suid-Chinese See skep en spoorweë en paaie regoor Sentraal-Asië bou. In die 1800's het Rusland en Groot-Brittanje gewedywer vir beheer oor Sentraal-Asië – die Groot Spel – op die teorie dat wie ookal die hartland van Asië beheer, die wêreld sal beheer (Brzezinski, bl. 38-39). Vandag sien ons 'n nuwe Groot Spel in dieselfde deel van die wêreld, tussen 'n nuwe stel mededingers, een wat die wêreldwye landskap in die komende jare sal beïnvloed.

Antieke eindtydse profesieë

Baie mense in ons moderne wêreldse tyd besef nie dat Bybelse profesieë lank reeds die scenario voorspel het wat ons vandag sien ontwikkel nie. Die Skrif openbaar dat God die verloop van die geskiedenis lei – Hy “maak nasies groot en laat hulle omkom” (Job 12:23-24) en Hy “sit konings af en stel konings aan” (Daniël 2:21). China het 'n lang geskiedenis van oorheer-

sing in Asië, maar dit het omstreeks 1500 n.C. begin verander, toe die Europese nasies hulle mag oor die hele wêreld begin uitoefen het. Uiteindelik het Engeland en Amerika die dominante moondhede op die wêreldverhoog geword. Hulle het 'n reeks baie spesifieke Bybelse profesieë vervul (sien *Wat lê voor vir Amerika en Brittanje, asook Suid-Afrika?*). Hierdie selfde profesieë waar sku egter dat die Israelitiese nasies wat deur God geseën word hulle voorrangposisies sal **verloor** as hulle van God sou wegdraai (Levitikus 26 en Deuteronomium 28) – presies wat vandag besig is om te gebeur.

Die Bybel beskryf 'n klimaktiese eindtydse konflik tussen hoofmoondhede in Europa, die Midde-Ooste en Asië – een waarin Amerika opvallend afwesig is. Die profeet Daniël skryf dat 'n koning van die Suide ('n Arabies-Moslemse moondheid) 'n koning van die Noorde sal uitdaag ('n Europese moondheid wat bande het met die antieke Romeinse Ryk). Hierdie Europese “diermoondheid” sal oorwin en in die Midde-Ooste inbeweeg, maar sal verontrus word deur en reageer op nuus wat “van die ooste en noorde af kom” – die rigting van Rusland en China (Daniël 11:40-44). Hoewel Rusland en China mededingende belange in Sentraal-Asië het, kan Westerse sanksies hierdie twee nasies na mekaar toe dryf (*Deutsche Welle*, 12 Mei 2017). In reaksie

Vrae & Antwoorde

Raadpleeg die geestelike ryk

VRAAG: Is dit ooit aanvaarbaar om na inligting van “heldersienes” soos spiritiste, mediums of fortuinvertellers te soek? Dit lyk of baie mense groot hulp en troos van hulle verkry.

ANTWOORD: Terwyl hulle op die punt was om die Beloofde Land binne te gaan het God die Israeliete gewaarsku om nie die gruwels van die nasies te volg wat Hy voor hulle uit verdryf het nie (Deuteronomium 18:9). God het daardie nasies verwerplik gevind want hulle “luister na goëlaars en waarsêers” (vers 14) en Hy het die Israeliete spesifiek verbied om deel te hê aan daardie nasie se gruwels, met inbegrip van afgodediens, offering van mense, goëlery, waarsêery, verklaring van voortekens, towery, besweringe, raadpleging van geeste van afgestorwenes, raadpleging van mediums, spiritisme en die oproep van die dooies (verse 10-12). Die Skrif maak dit dus duidelik dat sulke praktyke nie aanvaarbaar is vir diegene wat probeer om God te gehoorsaam nie.

Sommige bedrieërs mag dalk lyk of hulle “Christelik” of “heilig” of “welmenend” is. Let daarop dat dit lyk of Satan se predikers regverdig is. Wanneer hy vals apostels beskryf, skryf die apostel Paulus: “Want die Satan self verander hom in 'n engel van die lig. Dit is dus niks besonders wanneer sy dienaars hulle ook voordoen as dienaars van geregtigheid nie. Maar hulle einde sal wees volgens hulle werke” (2 Korinthiërs 11:14-15).

Jesus Self het gewaarsku: “En baie valse profete sal opstaan en baie mense mislei” (Matthéüs 24:11). Dit is belangrik om te besef dat diegene wat hulleself “mediums” of “profete” noem, in werklikheid mislei is of doelbewuste bedrieërs is. God waarsku: “Geliefdes, glo nie elke gees nie, maar stel die geeste op die proef of hulle uit God is, want baie valse profete het in die wêreld uitgegaan” (1 Johannes 4:1).

Een voorbeeld van 'n valse profeet is Simon die Towenaar, wat baie mense in een Samariaanse stad mislei het om te dink dat hy “die groot krag van God” is (Handelinge 8:9-11). Nadat hy gesien het dat die apostels Petrus en Johannes die mag het om die Gees van God aan mense te gee, wou Simon daardie krag met geld koop (verse 17-20), maar Petrus het hom bestraf (vers 20). Petrus sê toe: “Bekeer jou dan van hierdie boosheid van jou, en bid God of die gedagte van jou hart jou

miskien vergewe mag word. Want ek sien dat jy in 'n gal van bitterheid en bande van ongeregtigheid is” (verse 22-23). Simon die Towenaar het 'n gees van opstand en bitterheid gehad. Sy krag het nie van God gekom nie, maar uit die beoefening van towery. In teenstelling daarmee het Petrus en Johannes die waarheid en gehoorsaamheid aan God se Woord geleer, gerugsteun deur die onmiskenbare krag van die Heilige Gees. Nadat hulle hierdie kontras gesien het, was baie mense verlos van Simon se misleiding en kon hulle werklike hulp ontvang wat tot die begin van hulle verlossing gelei het.

Vra die ware God

Gedurende die tyd van die Nuwe Testament was die grootste deel van die “beskaafde” wêreld in afgodediens, demonisme en okkultisme gedompel (Handelinge 17:16; 19:18-20). Ons lees van 'n slavin wat 'n waarsêende gees gehad het, wat vir haar eienaars baie geld ingebring het deur middel van fortuinvertelling (Handelinge 16:16-18). Paulus het, nadat hy deur die bese gees geteister is, dit beveel om uit te kom en dit het hom gehoorsaam. 'n Ware Christen behoort nooit hulp te soek van psigiese of paranormale bronne nie, aangesien Satan en sy demone direk of indirek agter al hierdie soort aktiwiteite is. Luister na die profeet Jesaja se vermaning: “En as hulle vir julle sê: Raadpleeg die geeste van afgestorwenes en die geeste wat waarsê, wat piep en mompel – moet 'n volk nie sy God raadpleeg nie; moet vir die lewendes die dooies gevra word? Tot die wet en tot die getuienis! As hulle nie spreek volgens hierdie woord nie, is hulle 'n volk wat geen dageraad het nie” (Jesaja 8:19-20).

Christene moet waaksaam wees teen alle vorms van heksery en spiritisme. God waarsku dat towenaars in die poel van vuur verbrand sal word (Openbaring 21:8). Daarenteen sal diegene wat God soek, Hom glo en doen wat Hy sê, altyd deur die waarheid gelei word. Soos Jesus Christus tot die Vader gebid het: “Heilig hulle in u waarheid; u woord is die waarheid” (Johannes 17:17). **WvM**



Die werke

Die skoenlapper: Meester van metamorfose

Daar is sigbare wonderwerke wat ons omring in God se geskape wêreld – wonders wat ons te maklik as vanselfsprekend aanvaar. In die lewensiklusse van selfs die laagste van wesens, het die Een wat hulle Skepper en ons s'n is, lesse en voorbeelde geplaas waaroor ons kan nadink.

Dit is maklik om te dink aan die bekende transformasie van ruspe na vlinder en nalaat om te dink aan die alledaagse wonderwerk wat dit verteenwoordig. Dit is werklik een van die groot wonderwerke in die lewende wêreld.

Kom ons neem 'n oomblik om oor die ruspe en die vlinder, die natuur se meesters van metamorfose na te dink en laat ons kyk na net een belangrike les wat dit vir ons inhou.

'n Opwindende metamorfose

Daar is werklik niks aan 'n ruspe wat mens sou laat dink dat dit 'n skoenlapper in vermomming is nie. Trouens, sommige mense kyk na ruspes en sien niks anders nie as plaë wat hulle plante en gewasse bedreig en inderdaad, ruspes het 'n *onversadigde* eetlus! Dit lyk dikwels soos 'n vet wurmpie met stomp pootjies, wat hulle dae deurbring om blaar na blaar te eet. Hulle groei voortdurend en word al hoe groter en vervel 'n paar keer terwyl hulle groter

word.

Tog word hulle nie deur gulsigheid of gierigheid aangedryf nie. Hulle is op 'n toegewyde missie en berei voor vir een van die verstommendste transformasies in God se hele skepping!

Uiteindelik vind die ruspe sy pad na 'n veilige plek en skep een of ander soort syanker wat hy gebruik om homself aan die onderkant van 'n lootjie of takkie vas te heg. Dan, binne sy eie liggaam, net onder sy vel, begin daar 'n papie vorm – 'n harde buitekant wat die ruspe sal omhul wanneer dit begin om te verander. Soos wat die papie vervolmaking nader, sal die ruspe die tak heeltemal laat los, aan sy anker hang en die buitenste laag van sy lyf afgooi. Uiteindelik sal al wat oorbly om te hang, die papie wees met die ruspe daar binne weggesteek.

Dit sou maklik wees om tot die gevolgtrekking te kom dat die ruspe net eenvoudig gesterf het nadat hy sy eie hangende graffie geskep het, maar net die teenoorgestelde is waar. Terwyl die papie daar hang, stil en onbeweeglik soos 'n doodskissie, is dit wat *binne* die kissie aangaan, 'n warrelwind van aktiwiteite! Baie van die ou strukture van die ruspe se liggaam word vernietig – weefsels word deur ensieme in hulle proteïen-komponente

opgebreek en spiere word afgebreek tot klein bousteenselletjies om alles te herorganiseer in *nuwe* strukture met *andersoortige* funksies. Party van die ruspe se organe word herrangskik, soos die asemhalingsbuis wat nou gebruik word om die spiere van die vlerke aan te dryf.

Na 'n tyd van bedrieglike stille onaktiwiteit aan die buitekant, bars die papie skielik oop om 'n heeltemal ander lewensvorm aan die wêreld te openbaar! Die ruspe wat uit die gesig verdwyn het binne in wat gelyk het na 'n klein doodskissie, maak sy verskyning weer 'n keer na lewe, maar nou in die vorm van 'n pragtige skoenlapper. Die stel van 16 stomperige pootjies en “voorbene” is nou ses dun, splinternuwe vlinderpootjies, wat dit toelaat om op die blomblare van die heel delikaatste blomme rond te loop. Die groot bolvormige lyf is vervang deur die kleiner, grasieuse borskas en buik van die skoenlapper. Net so spog die kreatuurtjie se koppie – wat eenmaal ses klein, eenvoudige ogies en blaarvretende monddele bevat het – nou met twee groot, komplekse oë wat in staat is om ons eie visie ver te oortref en 'n sagte, geboë slurpie – 'n strooiagtige struktuurtjie wat die vlindertjie sal gebruik om soet nektar van blomme en vrugte op te suig.

van Sy hande

Natuurlik is daar die pragtige vlerke. Strukture met ingewikkelde ontwerp en dikwels kunstig met pragtige kleure, die vlerke van die skoenlapper is dalk die sterkste aanduiding van die volledige en uiterste metamorfose wat die wesentjie ondergaan het. Die mollige, blaar-etende ruspe is weg, maar ook nie *regtig* weg nie. Intendeel, dit is *omskep* in die pragtige, delikate skoenlapper – 'n skepseltjie wat skynbaar so ver van die ruspe af verwyder is as wat mens jou maar kan indink.

Vanaf die eerste oomblik dat die ruspe as 'n klein eiertjie ontstaan het, het sy Ontwerper – die Groot Skepper van alle dinge – die bloudruk van hierdie pragtige vlinder daar in sy genetiese kode geplaas, afgagtend op die regte tyd en geleentheid om homself tot uiting te bring en hierdie nederige “wurmpie” te verander in 'n wonderlike wesentjie van vlug en fantasie. Wat 'n eerbetoen aan God se intelligensie en vindingrykheid!

Bestem vir transformasie

Die verstommende transformasie van die nederige, wurmagtige ruspe in 'n radikaal andersoortige wese wat ons die skoenlapper noem, bied 'n pragtige analogie vir 'n baie meer verbasende transformasie wat God besig is om in die mensdom te bewerkstellig.

Die mens wat ons sien wanneer ons in die spieël kyk, mag ons dalk teleurstel. Te vet. Te skraal. Te kort. Te lank. Miskien vol goeie bedoelings, maar soos Jesus self gesê het: “Die gees is wel gewillig, maar die vlees is swak” (Matthéüs 26:41).

Tog beplan God 'n toekomstige transformasie vir mense van so 'n groot, selfs kosmiese betekenis, dat die merkwaardige metamorfose van 'n eenvoudige ruspe na 'n pragtige vlinder vervaag in vergelyking!

Die Bybel openbaar dat alle ware Christene – diegene wat leef en diegene wat reeds gesterf het – heeltemal verander sal word met die opstanding wat sal kom met die Wederkoms van Jesus Christus, “wat ons vernederde liggaam van gedaante sal verander, om gelykvormig te word aan sy verheerlikte liggaam volgens die werking waardeur Hy ook alles aan Homself kan onderwerp” (Filippense 3:21). Ja, 'n *toekomstige* liggaam en verheerlikte bestaan wag op die mensdom, as kinders van God, vir alle ewigheid – 'n bestaan wat radikaal anders is as wat ons tans ervaar!

Net soos die ruspe wat in 'n sekere sin in sy papie “sterf”, net om weer voort te kom as 'n verheerlikte nuwe wese, heeltemal anders as wat dit voorheen was, beplan God ook 'n

transformasie vir ons: “... daar word gesaai in verganklikheid, daar word opgewek in onverganklikheid; daar word gesaai in oneer, daar word opgewek in heerlijkheid; daar word gesaai in swakheid, daar word opgewek in krag” (1 Korinthiërs 15:42-43). Hierdie verheerliking van God se kinders is 'n gebeurtenis van so 'n pragtige majesteit dat God se Woord sê dat die hele skepping daardie oomblik met verwagting afgag, in die wete dat die transformasie van die mensdom en die geboorte van God se kinders die bevryding verteenwoordig van die heelal uit die slawerny van sy huidige verganklikheid (Romeine 8:20-22).

Indien u nie voorheen van hierdie metamorfose van die mensdom in u Bybel gelees het nie, dink asseblief daaraan om ons gratis boekie, *U uiteindelijke Lotsbestemming*, aan te vra. Dit is wonderlik om te dink aan God se doel met u lewe! Vir diegene van ons wat bereid is om ons werklik van ons sondes te bekeer, is daar nie net 'n nuwe lewe wat *vandag* ervaar kan word nie, maar daar is ook die belofte van 'n radikaal nuwe bestaan in die toekoms as 'n kind van God!

Ons verandering kom ook

Soos die aartsvader Job eenkeer tydens sy tyd van beproewing en toetsing gesê het: “As 'n mens sterwe, sal hy weer lewe? Dan sou ek hoop al

die dae van my stryd totdat my aflossing kom” (Job 14:14). Dit is maklik om te dink dat sulke woorde van die ruspe self kom! Soos ons blaarvetende vriende, het ons ook 'n transformasie voor ons, maar een van veel groter betekenis en verwondering.

Laat ons ons Skepper prys, wat ons met 'n doel geskep het en wat nou aan ons verandering werk. Ons mag nou die lewe van die ruspe leef, maar die skoenlapper is ons bestemming! Ons kan in die hoop saam met Job tot die Skepper bid, met die oog op ons metamorfose wat

nog gaan kom: “U sou roep, en ek sou U antwoord, na die maaksel van u hande sou U verlang” (vers 15).

—Wallace G. Smith

Vervolg vanaf bladsy 20 – Dagga: Is daar enige rede om bedwelmd te raak?

rakke en glansryke verpakings draai – mag dalk meer belangstel in hulle eie voorspoed as dié van die nasie.

Daggagebruik was onwettig in Noord-Amerika en vir 'n goeie rede in baie lande regoor die wêreld: Dit is, soos die wetenskap duidelik uitwys, skadelik vir sy gebruikers en vir die nasie. Dagga en soortgelyke dwelms, sommige selfs meer dodelik, beroof gebruikers van potensiaal en laat gebroke drome en stukkende lewens agterbly. Die verlies aan menslike potensiaal deur dagga en ander verstand-veranderende stowwe is enorm.

Lank gelede, in 'n brief aan 'n jong prediker, het 'n nou beroemde Romeinse burger en 'n man van groot geleerdheid – wat 'n hoë posisie beklee het en gesog was onder die leiers van sy dag – die volgende raad gegee oor hoe 'n persoon, jonk of oud, 'n produktiewe en bevredigende lewe kan hê. Die man, die apostel Paulus, het aan 'n jong Griekse kollega genaamd Titus, geskryf:

“Vermaan die jong manne net so om ingetoë te wees. Betoon jou in alles 'n voorbeeld van goeie werke, met onvervalstheid in die leer, waardigheid, opregtheid. Laat die woord gesond en onweer-

spreeklik wees, sodat die teëstanders beskaam kan word en niks slegs kan hê om van julle te sê nie” (Titus 2: 6-8).

In werklikheid is dit die teenoorgestelde van om bedwelmd, beskonke, dronk of enige ander term te wees wat dui op 'n gebrek aan beheer oor u gemoed. Een van die eienskappe wat krities vir geluk en sukses is, is selfbeheersing en die geïnspireerde wysheid van die Bybel beklemtoon die seëninge daarvan om gedurig in beheer van ons verstand te wees: “Maar die vrug van die Gees is liefde, blydschap, vrede, lankmoedigheid, vriendelikheid, goedheid, getrouheid, sagmoedigheid, selfbeheersing. Teen sulke dinge is die wet nie” (Galasiërs 5:22-23).

Selfbeheersing kan nie uitgeoefen word as mens dronk of bedwelmd is as gevolg van 'n verstand-veranderende stof nie. In so 'n staat is daar 'n risiko om dinge te doen en te sê waarvoor mens vir 'n leeftyd lank spyt kan wees. Moontlike verslawings wat dit tot gevolg kan hê, kan gesinne, loopbane, reputasie en potensiaal vernietig. 'n Nugter verstand is 'n waardevolle verdediging.

Aangesien ons 'n moeilike en gevaarlike tydperk in die

geskiedenis van ons nasies betree – nasies wat God en Sy Woord verwerp – moet ons waaksaam en nugter wees om in uitdagende tye met wysheid op te tree. Dit sal ons in staat stel om die onheil te hanteer wat maatskaplike verandering binnekort oor ons nasies sal bring. Om die werklikheid en lewe nugter in ooreenstemming met God se leiding te verstaan, sal in die dae wat kom 'n bron van beskerming wees. Jesus Christus het Self gewaarsku dat swelgery, dronkenskap en die sorg van hierdie lewe 'n afleiding sal wees wanneer die einde van hierdie tydperk nader kom (Lukas 21:34-36).

Dit is 'n tragedie wanneer mense, jonk of oud, die genot van “bedwelmdheid” soek. Ons menslike verstand is 'n kleinood, skitterend ontwerp deur 'n grote Skepper, wat beplan om die mensdom 'n wonderlike toekoms te bied, met die potensiaal waarvoor nie eens gedroom kan word in die menslike sfeer nie. Om meer te leer, vra gerus ons gratis boekie aan: *Die toekomstige wêreld: Hoe sal dit wees?* Geen chemikalieë in die heeler kan begin om die wonderlike gevoel van vervulling te verskaf wat God aan diegene gun vir wie dit vreugde verskaf om volgens Sy weë te leef nie. **WvM**

Vervolg vanaf bladsy 2 – Persoonlik

vererger terwyl u hier lees – diegene wat Sy weg kies, sal in die eindtyd *deur alle nasies gehaat word*. Ware Christene sal vervolgt word, selfs doodgemaak word (Matthéüs 24:9)! Hoe kan dit in beskaafde samelewings gebeur?

Ek het eens op 'n tyd daarvoor gewonder, maar nie meer nie. In verskeie Islamitiese state is dit reeds gevaarlik om die naam van Christus te bely. Wat van ons *Westerse demokrasieë*? Politieke korrektheid (sensuur en die uitsterf van vrye spraak) maak dit *onwettig* om werklike Bybelse standpunte uit te spreek. Sommige dele van die Bybel is reeds in Kanada as “haatspraak” verklaar! Besighede in Amerika en die Verenigde Koninkryk word deur die moderne “gedagte polisie” geteiken en vernietig.

Dus, waar is die goeie nuus? Hoe kan ons hierdie prentjie verander? Die antwoord is dat *ons* nie kan nie, maar God *kan!* 'n Nuwe wêreld is aan *die kom* en soos die ou liedjie lui, “dit is net om die draai!” Dieselfde bron wat voorspel het dat die mensdom in hierdie gemors sal beland, voorspel hoop vir die toekoms. Vir die meeste mense klink dit te goed om waar te wees. Is dit regtig?

Die goeie nuus

Jesus Christus, die grootste Profeet in die geskiedenis, het gewaarsku dat die mens homself sou vernietig tensy Hy direk en goddelik ingryp (Matthéüs 24:21-22).

Die profeet Sagaria beskryf die hoogtepunt van die mens se wanbestuur. Ons leer dat Jerusalem die kern van die finale konflik sal wees. “Kyk, daar kom 'n dag vir die HERE; dan sal wat van jou buitgemaak is, binne-in jou verdeel word, o Jerusalem! Want Ek sal al die nasies versamel om oorlog te voer teen Jerusalem ... En die HERE sal uittrek en stryd voer teen dié nasies ... En in dié dag sal sy voete staan op die Olyfberg wat voor Jerusalem lê, aan die oostekant” (Sagaria 14:1-4). Die profesie beskryf dan die berg wat in twee sal splyt [split] en 'n groot vallei sal vorm waarvandaan water sal vloei. Dit beskryf duidelik 'n toekomstige gebeurtenis, want daar het nog nooit so iets gebeur nie. 'n Groot geveg sal dan plaasvind tussen die wêreld

se nasies en die terugkerende Jesus Christus. Hy sal hierdie leërs verslaan – “En die HERE sal Koning wees oor die hele aarde” (vers 9).

Nadat Hy hierdie opstand betoel het, sal Jesus die oorlewende nasies beveel om iets te doen wat baie belydende Christene weier om te doen: Om die Bybelse feeste en Heilige Dae te onderhou. “En almal wat oorbly uit al die nasies wat teen Jerusalem aangekom het, sal jaar na jaar optrek om te aanbid voor die Koning, die HERE van die leërs, en om die huttefees te vier” (vers 16). Die profesie waarsku dat *enige nasie* wat nie hierdie Fees onderhou nie, geen reën sal kry nie en uiteindelik met plaeg getref sal word as hulle voortgaan om teen die bevel te rebelleer (verse 17-19). Die terugkerende Christus *sal* die mens se aandag verkry en menslike uitwissing voorkom (Matthéüs 24:21-22).

Die Bybel beskryf hierdie wonderlike tyd in baie gedeeltes. 'n Skriftuur het Evgeniy Vuchetich in 1959 geïnspireer om 'n geskenk van die Sowjetunie aan die “Verenigde” Nasies te skep. Dit is 'n bronsbeeld van 'n man wat 'n swaard in 'n landbou-implement omskep en het die titel: “Laat ons swaarde in pikke smee”. Die oorsprong van hierdie frase kom in Jesaja 2:4 voor.

Benjamin Franklin, een van Amerika se “stigtingsvaders”, het na bewering skepties gesê: “Diegene wat hulle swaarde in pikke smee, eindig gewoonlik om te ploeg vir diegene wie hulle swaarde behou het”. Dit is maklik om te verstaan waarom so baie mense vandag sulke skeptisisme deel. Vrede kan nie met ons huidige menslike natuur saamleef nie, maar wat daarvan as die menslike natuur sou verander? Hoe is dit moontlik?

'n Nuwe hoop

Nadat Sy vyande verslaan is, sal Christus 'n magtige geestelike invloed uit die weg ruim wat die mensdom sedert die tyd van ons eerste ouers mislei het. Min mense besef die werklikheid en mag van hierdie slinkse wese wat as Satan, die duiwel, bekend staan. Die Bybel noem hom “die god van hierdie wêreld” (2 Korinthiërs 4:4) en die

Onthou asseblief om in te skakel op
Tomorrow's World TV-program van
 11:00 tot 11:30 v.m. op Sondag-oggende,
kanaal 263 op DStv.

“owerste van die mag van die lug, van die gees wat nou in die kinders van die ongehoorsaamheid werk” wat “die loop van hierdie wêreld” orkestreer (Efésiërs 2:2). Die Versoendag, een van die Bybelse Heilige Dae, openbaar dat ons slegs met God en met mekaar “een” kan wees wanneer Satan toegesluit is (Levitikus 23:27; Openbaring 20:1-3). Die misleiding en rebellie wat ons vandag sien, sal vinnig afneem nádat hy uit die weg geruim is. Slegs dan kan 'n nuwe era

van vrede, voorspoed, goeie gesondheid en harmonie 'n werklikheid word.

Om meer te leer oor hierdie tyd van *goeie nuus*, vra gerus u gratis eksemplaar van ons boekie aan, *Die toekomstige wêreld: Hoe sal dit wees?*



Wêreld van Môre

Bybelstudiekursus

**Skryf gerus vandag reeds in om hierdie insiggewende Bybelstudiehulpmiddel te ontvang!
 Dit sal u Bybelkennis grootliks aanvul en u met nuwe oë na die lewe laat kyk.**

**Skryf aan: Lewende Kerk van God
 Privaatsak X 3016
 Harrismith, FS
 9880**

**of skakel : 058 622 1424
 en meld dat u navraag doen
 oor die “Wêreld van Môre” Bybelstudiekursus**